

Matieland

2:78





In Pietermaritzburg, het John Herridge en sy vriende ontdek mens kan goeie wyn sonder seremonie geniet

KELLERPRINZ -HUISWYNE

Die wyn waarmee Suid-Afrikaners tuis voel

Kellerprinz-huiswyne het ontspring uit 'n eenvoudige ideaal wat lank reeds nagestreef word in lande soos Frankryk, Duitsland en Portugal: "Elke huis verdien die alledaagse vreugde van 'n goeie wyn."

In hierdie tradisie bied Kellerprinz u sewe waarde-vir-geld Huiswyne van puik gehalte. Probeer hulle: Dis die wyne waarmee u tuis sal voel.

Tassenberg	droë, ligronde rooiwyn
Amorosa	halfsoet rooiwyn
Rosanne	delikate, halfsoet rosé
Stein Perlé	ligte, wit perlé
Stein	halfsoet witwyn
Roma White	droë witwyn
Late Harvest	sagronde, soet witwyn





NOMMER TWEE
JAARGANG 22
AUGUSTUS 1978

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING
ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus	3
Die Danie Craven-stadion	4
McCathren for Stellenbosch	9
Hoe meer dae hoe meer dinge	10
Rapportryers bevorder kultuur	11
Ons vlag 50 jaar oud	12
Wêreldrekord op Coetzenburg	14
U.S. bring hulle byeen	16
Conserve ingewy	24
A major step for research	28
Van ons donateurs	30
Beauty of the Bowl	33
Houba en tennis sinoniem	35
In Memoriam	36
Notule van die Konvokasie	39
U skryf aan . . .	40
Aanstellings en bevorderings	42
Prof. Tomlinson se skenking	45
Kursus oor rekstrookies	45
Marlene wen Eugene Marais-prys	45
Reünies	46
Oud Oud-Maties gaan saam trek	47
Eer vir Malherbe	47
Geneesheer maak enjins	47
Kanselier besoek W.A.T.	48



*Wêreldrekord
spat op
Coetzenburg –
bl. 14*



*Conserve
ingewy – bl. 24*



*Wilgenhof se
'Ontvangs-
komitee' –
bl. 46*

VOORBLAD:



*Só lyk die U.S.
se nuwe Danie
Craven-stadion.
Die man na wie
dit vernoem is,
verskyn hier
saam met rugby-
organiseerder,
Dawie Snyman.
(Foto: Johan
Stander)*



Die brandewyn
van hoogste reinheid

Oude Meester

Vir die man
wat kwaliteit bo alles stel



OMB 280 A

REDAKSIONEEL

Diepe kommer is reeds tot in die hoogste kring uitgespreek oor die ontsettende hoë druipsyfer – veral in die eerste jaar – aan universiteite in Suid-Afrika.

Dié ontstellende verskynsel en die gevolglike verkwisting vir die land het die afgelope maande weer eens baie aandag in die nuusmedia geniet, en tientalle voorstelle ter verbetering is aan die hand gedoen. Dit is egter 'n vraagstuk waarvoor geen kitsoplossing bestaan nie. Universiteite kan nie sommer eensklaps hulle akademiese peil verlaag nie. Dit is buite die kwessie. En 'n verlenging van die akademiese jaar – wat onder meer in die briewekolomme van sommige koerante ook as oplossing voorgestel is – sal studente nie dwing om daagliks harder te werk nie.

Die Komitee van Universiteitshoofde (K.U.H.) het 'n nasionale simposium gereël wat aanstaande maand in Pretoria plaasvind, en waartydens aspekte van die hoë saksyfer deeglik en indringend behandel sal word. Die klem sal veral gerig word op die rol van die universiteit in die opvoedkundige stelsel, en in besonder op die koppelvlak tussen skool en universiteit. Dit is duidelik dat talle van die probleme wat die eerstejaarstudent ervaar, verband hou met die verskille wat daar bestaan tussen die stelsel op skool en dié op universiteit.

Die bevindinge van 'n ondersoek na die hoë eerstejaardruipsyfer wat die K.U.H. in 1975 onder blanke studente oor die hele Suid-Afrika gelas het, nadat universiteite uit verskillende oorde hieroor skerp gekritiseer is, sal ook op die simposium bespreek word.


Ons glo dat die K.U.H. se simposium vrugbaar sal wees, en dat dit wat daaruit voortvloei, veel gaan bydra om die druipsyfer te verlaag.

Die K.U.H. besef maar al te goed watter las dié probleem in terme van geld en mannekrag op die land plaas. Die druipsyfer aan universiteite het die staat verlede jaar nie minder nie as R25 miljoen uit die sak gejaag. Subsidies aan universiteite bedra jaarliks sowat R200 miljoen. Die K.U.H. is vasbeslote om alles moontlik te doen, sonder dat universiteite se akademiese peil enigsins geraak word.

Suid-Afrika kan in hierdie moeilike tye allermens 'n hoë saksyfer aan sy universiteite bekostig. In 'n sekere sin is 'n universiteit die plek waar die fondament van ons toekomsdrome gelê word. En die dag van môre is vir alle ouers wat begeer dat hulle kinders universiteitsopleiding moet geniet, van die grootste belang. Die student – en veral die voornemende student – moet dus besef dat studie aan 'n universiteit 'n geweldige voorreg is.

Prof. H. B. Thom, voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite en voormalige Rektor van die U.S., het raakgepraat toe hy vroeër vanjaar in Pretoria gesê het die tyd is verby dat middelmatigheid goed genoeg is in 'n mededingende wêreld. Dit geld veral in Suid-Afrika waar die blankes 'n verantwoordelikheid ver buite verhouding tot hulle getalle moet dra.

FOKUS



En hier is hy – die man wat aan die hoof sal staan van Stellenbosch se nuwe navorsingsprojek oor oseaan-ingenieurswese. Hy is die 37-jarige prof. Deon Retief wat sedert 1 Julie dié nuwe navorsingsleerstoel in die departement Siviele Ingenieurswese bekleed.

Oseaaningenieurswese, en meer spesifiek die aspek daarvan wat verband hou met die opwekking van energie uit golfbeweging, geniet op die oomblik groot voorrang in talle oorsese lande. Gevolglik sal prof. Retief se doen en late nie net plaaslik dopgehou word nie, maar ook van oor die water.

Prof. Retief is, soos baie ander belangrike mense in Suid-Afrika, 'n gebore Vrystater. Hy het die eerste lewenslig op 21 September 1940 op Reitz aanskou. Sy vader was aan die Departement van Arbeid verbond. Deon Retief het sy laerskoolopleiding aan Selborne Kollege in Oos-Londen voltooi en aan SACS in Kaapstad gematrikuleer.

Hy sê dit was gedurende sy "laaste paar jaar" as skoolseun dat hy besluit het om in die ingenieurswese te studeer. Na matriek het hy aan die Universiteit van Kaapstad ingeskryf en verwerf in 1962 die graad B.Sc. Ing. Daarna is hy Stellenbosch toe waar hy die graad M.Sc. Ing. met die hoogste lof ingepalm het. Sy promotor was prof. André Coetsee van die departement Siviele Ingenieurswese. En dit was tydens hierdie navorsing vir sy meestersgraad dat die see hom begin interesseer het. En in dié jare het hy ook die aanvallige Zelma Botha op die Akker raakgeloop. Sy was 'n nooi van Viljoenskroon in die Vrystaat en 'n B.A.-student met staatsleer en bedryfsielkunde as hoofvakke. Hulle is in 1969 getroud en is vandag die trotse ouers van Nicôle (6) en Antoinette (4).

Voordat hy by die U.S. aangestel is, was prof. Retief die senior navorsingsingenieur van die Visserye-ontwikkelingskorporasie (Viskor). Hy het 11 jaar daar gewerk.

Prof. Retief het die afgelope jare verskeie nasionale en internasionale konferensies bygewoon en lesings oor oseaaningenieurswese aangebied. Hy het ook reeds nege publikasies die lig laat sien.



DIE DANIE CRAVEN-STADION

Die voorsitter van die Maties se atletiekklub, mnr. Jannie Momberg, het op die geselligheid 'n tjek vir R3 000 aan dr. Craven oorhandig as eerste bydrae tot die R150 000 wat nog benodig word vir bykomstighede in die stadion.



Ons kan dr. Danie Craven nooit vergoed vir wat hy deur rugby vir die Universiteit van Stellenbosch gedoen het nie. Craven is rugby op Stellenbosch, en in die hele Suid-Afrika is hy die man wat met rugby geassosieer word, en dit geld ook vir al die lande in die wêreld waar dié spel gespeel word".

Die man aan die woord was die Rektor van die U.S., prof. Jannie de Villiers. En dié woorde het hy gebesig kort voordat hy bekend gemaak het dat die Raad van die Universiteit eenparig besluit het dat die U.S. se nuwe rugbystadion die Danie Craven-stadion sal heet.

Prof. De Villiers het op 8 Junie gepraat by 'n geselligheid in die Jannie Maraishuis op Coetzenburg wat bygewoon is deur 'n groot aantal gaste insluitende verskeie Springbok-rugby-spelers en sportredakteurs van koerante.

Die Rektor se aankondiging was nie net vir die aanwesiges 'n groot verrassing nie maar ook vir Dok Craven self. Dok self het nog altyd die mening gehuldig dat dié eer wyle Oubaas Mark (mnr. A. F. Markötter) moes toekom. "Maar," het die Rektor gesê, "met alle respek aan Oubaas Mark, Craven is die naam wat geassosieer word met rugby in Suid-Afrika, dit is dr. Danie Craven wat verdien om op dié wyse vereer te word".

Prof. De Villiers se aankondiging het groot byval gevind en daar is lank en hard hande geklap... 'n hele paar manne het so onopsigtelik moontlik 'n lastige wasigheid uit die oë probeer vee, en Dok se aangedaanheid was meer as genoeg bewys hoe hoog hy dié gebaar van die Universiteit op prys stel.

Prof. De Villiers het voorts gesê dat dr. Craven die Universiteit nie net as rugbyadministrateur gedien het nie, maar "hy was ook op vele ander terreine vir ons goud werd".

Die Rektor het gesê die departement Liggaamlike Opvoeding is onder sy leiding uitgebou tot die beste in sy soort in die land. "Sy vernuf as onoor-trefflike geleentheidspreker het vir die Universiteit baie beteken. Van hierdie talente van hom kon ons altyd gebruik maak, veral op die gebied van fonds-insameling. En wat rugby betref, is die figuur vandag nie Markötter nie, maar Craven."

Dr. Craven het sy dank teenoor die Rektor en die Raad van die Universi-

teit uitgespreek vir dié groot eer wat hom aangedoen is. Hy het die Raad ook bedank dat hy die nodige fondse beskikbaar gestel het vir die bou van die stadion. "Maar," het hy gesê, "die Rugbyklub benodig nog R150 000 vir noodsaaklike bykomstighede". Dit sluit betonsitplekke rondom die veld in (daar is afgesien van die oorspronklike gedagte om graswalle en staanplekke om die veld aan te lê), die reën-kant van die pawiljoen moet met glas toegemaak word, en beligting vir die pawiljoen moet ook nog aangebring word.

Dok het gesê die Rugbyklub is vir dié geld aangewese op sy vriende en weldoeners. "Na wie gaan ons, behalwe na onself (ons het geen keuse nie) na hulle wat iets by ons gekry het, oud-spelers en ondersteuners." Dok het toe verduidelik op watter wyse die

stryde. Na aflossing van so 'n skuld-brief is die houer daarvan geregtig om dit te verander na 'n A-klas-seisoenkaartjie;

- Deur die verkoop van voorkeurseisoenkaartjies teen R250,00 per kaartjie: Hierdie kaartjies geld vir vyf jaar met die keuse dat dit na die verstryking van die vermelde tydperk omgesit kan word in A klas-seisoenkaartjies teen die tarief wat dan op daardie tydstip sal geld.

- Deur die verkoop van A klas-seisoenkaartjies:

'n Eenmalige heffing van R50,00 per kaartjie is betaalbaar bo en behalwe die tarief soos bepaal deur die Rugbyklub vir hierdie onderdakseisoenkaartjie. Net 'n beperkte aantal van hierdie soort seisoenkaartjies is beskikbaar.

...Maar nog R 150 000 is nodig...

bestuur van die Rugbyklub besluit het om die geld te probeer bekom:

- Deur die verkoop van rentevrye skuldbriewe teen R250,00 elk:

Ná 10 jaar sal 25 van hierdie skuldbriewe terugbetaal word en daarna nog 25 elke jaar. Die skuldbriewe wat in 'n spesifieke jaar terugbetaal word, sal per lot bepaal word. Mense wat skuldbriewe koop, kry die reg om 1 kaartjie per skuldbrief te bekom, vir enige bespreekte wedstryd wat hy of sy wil bywoon, mits hy of sy die Rugbyklub minstens 10 dae voor die aanvang van so 'n wedstryd nader. ('n Volledige datumlys word jaarliks aan hierdie mense gestuur.) Die houer van 'n skuldbrief het gratis toegang tot die terrein vir alle gewone wed-

- Deur die verkoop van B klas-seisoenkaartjies:

Dit is 'n opelugseisoenkaartjie wat verkrygbaar is teen 'n vasgestelde tarief plus 'n eenmalige heffing van R25,00 per kaartjie. Hierdie sitplekke geld net vir bespreekte wedstryde. Vir alle ander wedstryde verleen dit toegang tot die terrein. Hierdie seisoenkaartjie sal die houer in staat stel om later 'n A klas-seisoenkaartjie te bekom, mits dit beskikbaar is. Alleenlik houters van B klas-seisoenkaartjies sal in aanmerking geneem word vir vakante A klas-seisoenkaartjies.

- Donasies aan die Rugbyklub Stellenbosch kan via die Universiteit van Stellenbosch geskenk word.

Dok se naam verewig



Die Rektor, prof. Jannie de Villiers, wens Dok Craven alle voorspoed toe pas nadat hy op die geselligheid in die Jannie Maraishuis bekend gemaak het dat die nuwe stadion die Danie Craven-stadion sal heet.



En daar was ook lede van die jonger garde by die geselligheid. V.l.n.r. is Springbok Dawie Snyman, tans rugbyorganiseerder van die Maties, Springbok Jan Boland Coetzee, bekende boer van Kanonkop wat nog gereeld vir W.P. uitdraf, Mortimer Lee, het onder meer vir Wes-Transvaal, Boland en S.W.D. gespeel en tans boer by Rawsonville, Springbok Piet du Plessis, huidige kaptein van die Maties en W.P.-slot, dr. Craven, Ronnie Melck, bekende sakeman van Stellenbosch en voormalige W.P.-agsteman, en regs staan Johan Fechter, gewese Matievleuel wat vir W.P. en Noord-Transvaal gespeel het en tans die U.S. se senior skakelman is. Almal is Oud-Maties.



Dok Craven en vier bekende oud-Springbokke wat ook die geselligheid in die Jannie Maraishuis bygewoon het. V.l.n.r. verskyn P. K. Morkel, Dok, Flappie Lochner, Piet "Spiere" du Toit en Ben du Toit. Dr. Ben du Toit en mnr. P. K. Morkel woon op Stellenbosch, mnr. Lochner op Wellington en mnr. Piet du Toit boer naby Riebeeck-Kasteel. Almal is Oud-Maties.

Maak só as u wil skenk

Indien u graag vir die Rugbyklub Stellenbosch die hand in die sak wil steek, vra ons vriendelik dat u hieronder aandui op watter wyse u bereid is om ons te help. Daarna moet die ingevulde vorm asseblief voor einde Oktober vanjaar teruggestuur word aan: Dawie Snyman, Rugbyorganiseerder, Rugbyklub, Universiteit van Stellenbosch, STELLENBOSCH 7600.

Voorletters en van:..... Adres:.....

Stel belang in (dui met 'n X aan waarin u belangstel):

- Skuldbrief
- Voorkeurseisoenkaartjies
- A klas-seisoenkaartjies
- B klas-seisoenkaartjies
- Skenking aan die U.S. vir die pawiljoenfonds



alle soorte
drukwerk, verpakking,
tydskrif- en
boekpublikasie,
asook
advertensie-
promosie

tel:53-2011 Kaapstad
tel:836-9391 Jhb.




TRIO-RAND

TRIO-RAND-S.A.LITHO

GROEP VAN MAATSKAPPYE

TRIO-RAND DRUKKERS, S.A.LITHO,
PREMIER STATIONERY, REPROGRAPH
REPRODUCTIONS, AFRIC MAIL ADVERTISING,
MASKEW MILLER, KRAFTPAK,
STANDARD PRESS, SPECTRUM OFFSET,
DAGBREEK PERS (KAAP), KOMPERPRINT,
PLASTICWRAP

McCATHREN FOR STELLENBOSCH



The Stellenbosch University Concert Band will stage a Bands Festival at Stellenbosch on 10 October this year. Nine of the country's best known bands, including a Cape Malay choir and band, will participate.

On the same occasion all the bands, massed together, comprising more than 250 members, will be conducted by one of America's most renowned band conductors, Prof Donald E. McCathren of the Duquesne University School of Music in Pittsburgh. This massed display will take place in the second half of the programme – in the first half bands will play individually.

The nine bands, and their conductors are: the Cape Town Highlanders Pipe Band (Pipe Major Norman Mouton), the Cape Caledonian Pipe Band (Pipe Major Roger Hendry), the Cape Field Artillery Band (Lieut. Renier Strydom), the Cape Town Rifles (Dukes) Band (Capt. John Ford), the Navy Band (Commander Ron Marlow), the Cape Corps Band (Cadet Officer D. G. Liebbrandt), the Diocesan College Band (Mr. Graham Coote), the Stellenbosch University Concert Band (Dr. Paul Loeb van Zuilenburg) and a Cape Malay choir and band which is to be formed specially for the occasion by the South African Choir Board.

Prof. McCathren is a widely recognized conductor, clarinet soloist, clinician, educator, arranger, editor and writer, and has appeared at many of the foremost music festivals and educational meetings as well as with school, university, community and service bands, orchestras and choruses in the U.S.A. He has appeared as a featured conductor in Canada and Japan as well as in many European countries. A dedicated educator, Prof. McCathren has taught music at all levels from elementary through university graduate school classes and has served as a guest lecturer at more than 40 universities and colleges.

He is Musical Director of the famed American Youth Symphony and Chorus and has toured Europe many times as the conductor of this elite group. He is also the founder of the American Youth Symphonic Band and Chorus, the American Youth Studio Band and Swing Choir and the American Youth Symphony of Winds and Chorus.

These groups, under his guidance, have received four George Washington Medals of Honor from the Freedom Foundation in Valley Forge and numerous Gold Medals at European music festivals, including the Galway Festival in Galway, Ireland, and the Anglo International Festival of Music in Coventry, England.

They have also received numerous citations from government officials both at home and abroad for their contributions to the development of American youth and the furtherance of peace and understanding throughout the world.

Among the honours Prof. McCathren has received is a citation from the United States Department of the Army for "Patriotic Civilian Service" and the Distinguished Alumni Award from Indiana State University.

Prof. McCathren is recognized as an opinion-former in the United States, and has shown great interest in our country and its people. Among the items he will present when conducting the massed band, is the National Anthem and a selection of South African folk-music arranged by T. Bradley, the late conductor of the S.A. Police Band.

Prof. McCathren will fly to South Africa by South African Airways.

Tickets for the Bands Festival are available from Dr Ron Belcher, Department of Development, Administration Building, Victoria Street, Stellenbosch 7600. Dr Belcher can also be telephoned at 70062 Stellenbosch.

Hoe meer dae, hoe meer dinge...

In die Volksraad gebeur dit nie dikwels dat lede van verskillende partye oor 'n aangeleentheid saamstem nie. Maar wanneer dit oor die Universiteit van Stellenbosch gaan, is daar (soms?) uitsonderings . . .

Op Maandagmiddag 8 Mei – dit was twee dae nadat die Maties die Intervarsity op Nuweland naelskraap teen die Ikeys gewen het, en 'n rapsie meer as twee weke nadat die W.P. met 13 Matiespelers (insluitende die amptelike reserwes) die span van Transvaal op Nuweland deeglik geklop het – is die private wysigingswetsontwerp op die U.S. die tweede keer in die Volksraad gelees. Mnr. Eugene Louw ('n Oud-Matie), en Nasionale Party L.V. vir Durbanville, was eerste aan die woord.

Mnr. LOUW: Dit is vir my 'n besondere voorreg om die Tweede Lesing voor te stel van hierdie wysigingswetsontwerp op die Universiteit van Stellenbosch, die mooiste en die beste universiteit in die Republiek van Suid-Afrika. (Tussenwerpsels.) Na aanleiding van die luidkeelse kommentaar van my Transvaalse kollegas, wil ek net sê dat hulle alle rede het om hierdie universiteit se naam te onthou. Dit is naamlik, dié universiteit wat met 13 lede in die WP se rugbyspan (insluitende amptelike reserwes) sowat twee weke gelede feitlik man alleen 'n span van een van die noordelike provinsies geklop het. (Tussenwerpsels.)

Die SPEAKER: Orde!

Mnr. LOUW: Ek wil net graag aan my agb. Transvaalse kollegas sê dat die Transvaalse Rugbyunie tog maar liever nie 'n span moet stuur om teen die Ikeys te speel nie omdat hulle dan nog veel swakker sal vaar. (Tussenwerpsels.)

Nadat mnr. Louw gepraat het, het mnr. J. F. (Kowie) Marais (ook 'n Oud-Matie), en Progressiewe Federale Party L.V. vir Johannesburg-Noord, aan die woord gekom:

Mnr. MARAIS: Mnr. die Speaker, ek vind my in volkome ooreenstemming en eensgesindheid met die agb. lid vir Durbanville. Dit sluit natuurlik ook in sy opmerking oor die kwaliteit van die Universiteit van Stellenbosch.

Mnr. Marais het ten slotte gesê dit is vir hom "aangenaam" en 'n "eer" om die tweede lesing van hierdie wetsontwerp hartlik te ondersteun.

Daarna het mnr. Andrew Pyper, Nuwe Republiek Party L.V. vir Durban-Sentraal (hy is 'n Oud-Puk), op die been gekom:

Mnr. PYPER: Mnr. die Speaker, die agb. lid vir Durbanville en die agb. lid vir Johannesburg-Noord stem saam dat die Universiteit van Stellenbosch die beste universiteit is.

Mnr. MARAIS: Definitief.

Mnr. PYPER: Die agb. lid sê "definitief". Ek wil aan die agb. lid sê dit is miskien profeties dat ons die Universiteit van Stellenbosch se wysiging afhandel voordat ons by die hoofwysiging kom, d.w.s. die volgende Dagorder in verband met die Universiteit van Potchefstroom. (Tussenwerpsels.)

Ook mnr. Pyper het ten slotte gesê dit is vir hom 'n "groot voorreg om namens die N.R.P. die tweede lesing van hierdie wetgewing te steun".

Toe het mnr. Eugene Louw weer aan die woord gekom.

Mnr. LOUW: Mnr. die Speaker, ek wil net my hartlike dank uitspreek teenoor die agb. lid vir Johannesburg-Noord en die agb. lid vir Durban-Sentraal vir hul steun van hierdie wysigingswetsontwerp. Aan die agb. lid vir Johannesburg-Noord wil ek net sê dat die daarstelling van hierdie satellietkampus reeds sodanige momentum gekry het dat die aanduiding in hierdie stadium reeds is dat dit aan die begin van 1981 nie net met 910 studente sal begin nie, maar met 1 500 studente.

Dit was ook mnr. Louw wat 'n "laaste skoot" namens die Oud-Maties ingekry het. Hy het gesê: Ek is dankbaar om te verneem dat die agb. lid vir Durban-Sentraal se Alma Mater akademies goed presteer. Die enigste verskil tussen die twee is net dat die Universiteit van Stellenbosch ook op sportgebied en in die besonder op rugbygebied presteer. (Tussenwerpsels.)

- *Bovermelde is ontleen aan Hansard en die belangrikste doelstelling van die wetsontwerp was die wysiging van artikel 3 van die hoofwet ten einde voorsiening te maak vir die uitoefening van universitêre bedrywighede binne die munisipale gebied van Durbanville waar die U.S. se satellietkampus gevestig sal word.* – Red.

* * *

Die bekende dr. Willem Landman, gewese direkteur van die Inligtingsburo van die N.G. Kerk in Suid-Afrika, het ons verlede jaar hier op Stellenbosch 'n baie humoristiese storie vertel. Dit was tydens die noenmaal na afloop van die laaste gradeplegtigheid op 7 Desember waartydens 'n eredoktoraat aan hom verleen is. Hy het nou wel die storie verlede jaar vertel, maar Matieland se lesers sal saamstem dat dit een van daardie is wat onder die "bestes" gereken kan word.

Dr. Landman is aan die woord: Baie jare gelede was 'n skoolinspekteur op besoek by 'n klein eenmanskool êrens in Oos-Kaapland. Hy tel die aardbol op en vra die kinders wie weet waarom die aardbol skeef is. Stilte.

Die onderwyser kom saggies nader en sê vir die inspekteur: "Meneer, dit was so skuins toe ons dit uit-

gepak het." Die inspekteur glimlag net, sit die aardbol neer en begin met 'n ander onderwerp.

Die onderwyser voel toe baie ongelukkig. Hy dink aan die swak rapport wat die inspekteur gaan instuur, en wat ook onder die aandag van sy skoolkomitee sal kom, met allerlei ondenkbare gevolge. Hy versoek dringend dat 'n vergadering van die skoolkomitee belê moet word.

Die skoolkomitee het hom simpatiek aangehoor. Hulle begryp die verleentheid waarin hul meester verkeer en besluit eenparig om 'n brief aan die Onderwysdepartement te stuur:

Hul onderwyser is 'n presiese pligsgetroue man, en hulle kan individueel en afsonderlik daarvoor instaan dat die aardbol so skuins was toe dit by die skool afgelewer is.

'n Paar weke gaan verby. 'n Kort brief van die Departement net om te sê die saak geniet aandag.

Na 'n paar maande kry hulle 'n tweede brief van die Departement, wat onder meer lui: "Vra minstens twee tenders en laat aardbol regmaak."

* * *

Die tipiese verstrooide professor bestaan nog aan die Universiteit van Stellenbosch. Daarvan kan personele van die U.S. se administrasie, en by name dr. Ronnie Belcher van die afdeling publisiteit, deeglik getuig. Die verstrooidheid van so 'n professor – ons wil liefs nie name noem nie, maar kan wel sê dat hy aan die fakulteit Ingenieurswese verbonde is – het onlangs konsternasie in die Eikestad veroorsaak.

Dr. Ronnie Belcher het een oggend kort voor 08h00 sy geel bakkie met 'n CEY-registrasienumer voor die hoofgebou geparkeer. Sekondes later het die hoogleraar in sy bakkie (met 'n CL-registrasienumer) onmiddellik langs

hom stilgehou. Albei bakkies is van dieselfde fabrikaat maar hulle model verskil minstens vier jaar.

Toe dr. Belcher ná werk wou huiswaarts keer, was sy bakkie skoonveld.

Die nuus het soos blits versprei en personelelele het in groepies saamgedrom om die geheimsinnige verdwyning te bespreek. So iets het nog nooit op die kampus gebeur nie! Almal was geskok. Dr. Belcher en minstens vier van sy kollegas het hulle na die S.A.P. gehaas.

Daar aangekom vertel 'n polisieman hulle dat die U.S. se afdeling Kampusbeheer vroeër die middag geskakel het om te rapporteer dat "iemand se geel bakkie met 'n CEY-registrasienumer by hulle kantore deur 'n ietwat deurdie-wind-geskrikte professor gelos is". Die professor het glo stotterend by Kampusbeheer kom rapporteer dat sy lêers en sleutels uit sy bakkie voor die Administrasiegebou gesteel is en dat hy met sy spaarsleutel tot by hulle gery het om van die "diefstal" te vertel.

Die verstrooide professor het selfs in daardie stadium nog nie besef dat hy in 'n ander persoon se bakkie vanaf die hoofgebou na die afdeling Kampusbeheer gereis het nie! Dit was blote toeval dat sy spaarsleutel in die voertuig van dr. Belcher gepas het!

Eers na die aanmelding van die "diefstal", het hy besef dis nie sy eie bakkie nie! Toe los hy dit sommer in die hande van Kampusbeheer om die ware eienaar, wat natuurlik 'n hoogbekommerde dr. Belcher was, op te spoor.

Almal was verlig om te verneem dat die eerste motor-diefstal voor die hoofadministrasiegebou tog nie in die annale van die geskiedenis opgeteken sou word nie. En professor Verstrooi – wel, oor dié petalje van hom sal die nageslag ook nog hoor!

Rapportryers bevorder kultuur



Die Federasie van Rapportryerskorpse van Suid-Afrika het 'n stel van ses bundels met al genl. J. B. M. Hertzog se toesprake vanaf 1900 tot 1942 aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Die bundels is onlangs deur mnr. H. G. Malan (regs), 'n sakeman van Bellville en lid van die landsraad van die Federasie van Rapportryerskorpse, aan die Rektor van die Universiteit, prof. J. N. de Villiers oorhandig. Mnr. Malan het by dié geleentheid gesê die Rapportryers het as deel van hulle poging om die Afrikaanse kultuur te help bevorder, in 1976 'n aantal stelle van C. J. Langenhoven se versamelde werke aan swart hoër opvoedkundige inrigtings geskenk, en verlede jaar stelle Totius-werke aan hoër opvoedkundige inrigtings vir bruinmense gegee. Vanjaar word 'n aantal van die stelle gebundelde Hertzog-toesprake aan hoër opvoedkundige inrigtings vir die blankes oorhandig.



Op 31 Mei vanjaar was dit presies 50 jaar dat ons landsvlag die eerste keer amptelik in Suid-Afrika gehys is. Ek sê in *Suid-Afrika* want dit is reeds op 30 Maart 1928 in Havana, die hoofstad van Kuba, gehys, by geleentheid van 'n internasionale konferensie oor immigrasie en emigrasie waar Suid-Afrika amptelike verteenwoordig was.

Adv. Eric Louw, die latere minister, was in daardie stadium Suid-Afrika se handelskommissaris in Amerika en hy het gelas dat 'n Unievlag in New York gemaak word. Die rede vir sy optrede was waarskynlik dat hy wou hê ons staat se vlag moes saam met ander state se vlage wapper om sodoende ons onafhanklikheid ten toon te stel.

Maar 31 Mei 1928 word *amptelik* beskou as die datum waarop die vlag in gebruik geneem is.

'n Staat het *drie* nasionale simbole: vlag, volkslied en wapen. Sonder om dié een bó die ander te wil stel, want al drie is gelykwaardig, sou dit tog korrek wees om te sê dat die vlag en die volkslied deur die gewone burger die meeste onderskeidelik gesien en gehoor word.

Die wapen is bewegingloos, en as sodanig spreek dit nie so dinamies tot die burger soos die vlag en die volkslied nie. Die wapen staan afgedruk op papier of is uitgebeeld op die voorkant van sommige staatsgeboue. 'n Mens sien dit nie altyd raak nie, en as jy dit raaksien, doen jy nie altyd moeite om goed daarna te kyk nie. Ek sê "goed", want as jy wil begryp wat die staatswapen vir jou te sê het, moet jy daarvan 'n sorgvuldige studie maak. Dit is eintlik net die slagspreuk daarop wat maklik verstaanbaar is, dit wil sê as dit nie, soos gewoonlik die geval is, in Latyn is nie. Want min mense verstaan deesdae Latyn.

Met die vlag en die volkslied is dit anders. Die volkslied is vir die menigte bedoel; dáárom is dit in eenvoudige en duidelike taal. Jy verstaan dit dus maklik. Jy leer dit op skool. En daar is kort-kort geleenthede waarby jy dit hoor of dit self kan sing. Wanneer jy dit sing, het dit op jou 'n sielkundige uitwerking, veral as dit in die vorm van marsmusiek getoonset is.

Die *vlag* sien jy dikwels. Dit hang buite alle Staatsgeboue, soos landdroskantore en polisiekantere, en in die buiteland byvoorbeeld by ambassades, konsulate en die nasionale lugdiens se kantore. Dit hang ook bo die parlementsgebou, meer net wanneer die Volksraad of die Senaat in sitting is. Dit mag by skole gehys word. Baie skole hys dit daaglik. Die vlag word soms binne in geboue gebruik, soos by geleentheid van 'n banket of 'n noenmaal, of by 'n plegtigheid soos die verlening van burgerskap aan immigrante.

Mens sien dus die vlag dikwels. Die feit dat dit kleurvol is, en wapper as die wind waai, laat jou dit makliker opmerk. Jy sien dit goed, en hoe minder besonderhede dit bevat, en hoe beter die kleure kontrasteer, hoe makliker onthou jy dit en ook die simboliek daarvan. In hierdie opsig het 'n sogenaamde skoon vlag, dit wil sê een met net 'n paar basiese kleure, 'n voordeel bo 'n vlag met kleiner besonderhede daarop.

In sommige gevalle het state selfs 'n openbare feesdag ingestel, wat 'n vakansiedag is, met die doel om jaarliks die nasionale vlag te eer. Sulke state is, onder meer, Haïti, Swede en Swaziland. By laasgenoemde is dit 25 April.

In die V.S.A. is Vlagdag 14 Junie. Dit is die dag waarop die Kontinentale Kongres – die liggaam wat leiding geneem het in die Onafhanklikheidsoorlog – in 1777 hulle eerste amptelike nasionale vlag goedgekeur het. "Flag day" in die V.S.A. is in 1949 deur hulle parlement as 'n nasionale feesdag erken, maar dit was toe reeds baie jare lank as sodanig, gevier.

Maar hoe het die Republiek van Suid-Afrika se vlag ontstaan? Wat is sy geskiedenis? En sy simboliek?

Ons nasionale vlag vertel in breë trekke ons politieke geskiedenis. Dit bestaan eintlik uit 4 vlage: die oranje-wit-blou vlag van die Huis van Oranje, die Britse vlag, die vlag van die Oranje-Vrystaat en die vlag van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Al vier vlage het in Suid-Afrika gewapper.

Die oranje-wit-blou vlag is natuurlik die oorheersende element in ons landsvlag. In 'n sekere sin spel dit die datum uit: 6 April 1652. Die ander drie vlage spel latere datums en invloede uit.

Ná die Vredesooreenkoms van Vereeniging op 31 Mei 1902 het daar net één vlag in Suid-Afrika oorgebly – die Union Jack. Deurdat die Z.A.R. en die O.V.S. in die oorlog van 1899 – 1902 verslaan is, het hulle vlage ophou bestaan, want hulle was mos nie meer onafhanklike state nie. Die Union Jack het nou hulle vlag geword. In die Kaapkolonie en Natal was dit toe al lank die amptelike vlag.

Na Uniewording in 1910 was die Union Jack nog steeds Suid-Afrika se amptelike vlag.

Vanweë die stelselmatige herwinning van onafhanklikheid sedert 1910 is in 1926 die stadium bereik dat Groot-Brittanje bereid was om toe te stem dat Suid-Afrika 'n nuwe vlag mag kry – een wat vir die wêreld sou wys dat Suid-Afrika reeds in hoë mate self oor sy eie sake kon beslis.

Dit was nie maklik om 'n eie vlag tot stand te bring nie – een wat vir alle bevolkingselemente aanvaarbaar sou wees, en wat hulle gevolglik kon saambind en kon help om 'n Suid-Afrikaanse patriotisme en eenheidsgevoel te ontwikkel nie. Die persoon wat, as minister van Binnelandse Sake, in 1925 aangesê is om hierdie taak uit te voer, was dr. D. F. Malan. In sy boek *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen* vertel dr. Malan hoe bitter moeilik dit gegaan het. Twee jaar lank was hier 'n vlagstryd, 'n vlagtwis, 'n mens sou byna kon sê 'n vlagoorlog waarin broer en broer, Partygenoot en Partygenoot, volksgeenoot en volksgeenoot mekaar beveg het. Die resultaat

ONS 50 jr

VLAG OUD

was die vlag soos ons hom ken. Gelukkig was daar bevoegde persone wat gehelp het om die vlag te ontwerp.

Twee van die vernaamste lede van die Vlagkommissie was Stellenbossers – prof. W. Blommaert, 'n Belg van geboorte, wat lank professor in Geskiedenis was en ook Rektor van die Universiteit was, en prof. J. J. Smith, eerste hoogleraar in Afrikaans en die man wat aan die Groot Afrikaanse Woordeboek beslag gegee het. Die Vlagkommissie het skitterend daarin geslaag om die vlag só te ontwerp dat die Union Jack, die Transvaalse Vierkleur en die Vrystaatse vlag uit heraldiese oogpunt daarop ewe belangrik geplaas is.

Van die groot dag waarop Suid-Afrika se eie vlag die eerste keer gehys is, 31 Mei 1928, skryf dr. Malan: "Met my eggenote was ek op die verhoog voor die Parlements-huis. Toe presies om elfuur ons eie Suid-Afrikaanse Nasionale Vlag bo die Parlementshuis homself vir die eerste maal statig en sierlik ontplooi en in die windjie wapper, en toe een-en-twintig kanonskote plegtig en donderend hul ere-salutt uitbulder, was dit vir my beloning genoeg. Suid-Afrika, ons eie vaderland, was nou in staat om onder sy eie vlag sigself te wees en te voel, en om as 'n vrye volk sodanig sy verskyning te maak onder die vrye volke van die wêreld."

Vir 29 jaar lank was die Unievlag egter nie ons enigste vlag nie. Dit was die Nasionale Vlag, maar die Union Jack is nog saam met die Unievlag by sekere geleenthede amptelik gebruik, maar in 1957 is die Unievlag deur wetgewing as die enigste landsvlag erken.


Vóór dié tyd, en ook daarna, was daar meermale pogings om die Unievlag gewysig te kry. Die Ossewa-Brandwag het geweier om dit te gebruik, weens die Union Jack daarop, en het 'n "aangepaste Vierkleur" gebruik. Die groen van die vertikale baan van die Vierkleur is vervang met oranje, en die drie horisontale bane was rooi, wit en blou. Ander mense wou 'n "skoon" vlag hê – een sonder al drie klein vlaggies. Sommige wou die drie vlaggies weg hê, maar iets anders op die vlag sit, byvoorbeeld 'n simbool van die suiderkruis. Ander wou hê dat die Vierkleur Suid-Afrika se vlag moet word.

In 1967 is weer 'n beweging begin om die vlag te verander toe 'n beskrywingspunt met dié strekking deur die Natalse kongres van die Nasionale Party goedgekeur is. As rede vir die begeerde verandering is aangevoer dat Suid-Afrika sedert 1961 volkome onafhanklik van Brittanje was en ook nie meer 'n lid van die Statebond was nie.

Die Eerste Minister, mnr. Vorster, het toe te kenne gegee dat, ás die volk só voel, hy "daaraan sou aandag skenk." Op 11 September 1968 het hy op 'n groot vergadering in Pretoria dit in die vooruitsig gestel dat 'n nuwe vlag op 31 Mei 1971, as die Republiek tien jaar oud word, die eerste keer gehys sou word. Sedertdien was daar egter stilte op hierdie front.

By die gebruik van die vlag moet daaraan die nodige eerbewys word.

In baie lande word die ontering van die vlag beskou as 'n kriminele oortreding. Die straf wat daarvoor opgelê kan word, is gewoonlik 'n boete of tronkstraf. Dit is byvoorbeeld die geval in die V.S.A., waar 'n federale wet ten opsigte van die ontering (ontwyding) van die vlag in 1968 gepasseer is. Veral in diktatoriale state, soos kommunistiese state, rus daar op die vertoon van 'n vorige bewind se vlag of 'n politieke party wat onwettig verklaar is, se vlag, 'n swaar straf. Die skending van 'n ander staat se vlag veroorsaak maklik 'n internasionale insident.



Bo: Na 24 uur se bloed sweet, klap die skoot en Julian Marsay, Springbokatleet van die Maties, sit daardie laaste greintjie krag in. Sy spanmaat, Loop-en-Val Motshwarateu (links) se arms skiet omhoog en hy gil van blydschap—die nuwe wêreldrekord is 'n voldwonge feit!

Links: Wium "Mossie" Mostert, die Maties se amptelike atletiek-afrigter, het die skoot afgetrek met die begin van die wedloop. Sestig sekondes voor 24 uur om was, het hy weer 'n skoot geskiet, en toe weer na presies 24 uur om die einde van die rekordpoging aan te dui.

Regs: Jannie Momberg, die W.P. se atletiekbaas en voorsitter van die Maties se klub, was tydens die aanslag op die wêreldrekord elke sekonde by om die manne aan te moedig. Hy sê dit was 'n ervaring, propvol drama en opwinding, soos dit alleen op Coetzenburg beleef kan word.



NOG 'N WÊRELDREKORD SPAT OP COETZENBURG

"Dit was ongetwyfeld een van Suid-Afrika se grootste oomblikke in atletiek. Ek het nog nie so iets op 'n atletiekbaan beleef nie. Dit was bemenslik, en daar is in Suid-Afrika net een plek waar die manne dit sou kon gedoen het en dit is Coetzenburg."

Só het mnr. Jannie Momberg, atletiekbaas van die W.P., die bykans ongelooflike prestasie van tien Suid-Afrikaanse atlete beskryf wat op 30 en 31 Mei op Coetzenburg 'n nuwe wêreldrekord vir 'n ononderbroke aflos van 24 uur opgestel het.

Die tien atlete, agt blankes en twee swartes, het gedoen wat die Amerikaanse aflosspan vir die Olimpiese Spele in 1976 in Montreal, Kanada, nie kon regkry nie. Dié tien manne se poging het skitterend geslaag, terwyl daar in die afgelope twee jaar op verskeie plekke in Amerika meer as 900 onsuksesvolle aanslae op dié rekord gemaak is. Die rekord, terloops, is in 1974 deur studente aan die Universiteit van Edinburgh in Skotland opgestel. Hulle het in 24 uur 'n afstand van 297 myl 1 145 tree afgedraf. Suid-Afrika se voorste tien middel- en langafstand-atlete se wêreldrekord staan nou op 304 myl 1 759,5 tree, 'n verbetering van sewe myl en 614,5 tree.

Die tien manne, Andries Krogmann (kaptein), Julian Marsay, John Donald, Isak van der Merwe, Mathews Batswadi, Mathews (Loop-en-Val) Motshwarateu, Willie Farrell, Koos Keyser, Johnny Halberstadt en Bernard Rose se aanslag het klokslag om 16h00 op 30 Mei voor 'n geesdriftige skare op Coetzenburg begin. Mnr. Wium "Mossie" Mostert, die Maties se amptelike atletiekafrieter, het die skoot afgetrek op die sesde stoot van die vieruurtydsein. Presies 24 uur later het dit geëindig, en nog 'n wêreldrekord was op Suid-Afrika se kerfstok.

Mnr. Momberg was die hele tyd daar. Hy het nooit 'n oog toegemaak nie. En saam met hom het honderde van Stellenbosch se atletiekgeesdriftiges dwarsdeur die koue nag wakker gebly om die manne moed in te praat. Vir dié 24 uur was Coetzenburg nooit sonder 'n toeskouer nie.

Mnr. Jannie Momberg spreek die laaste woord. "So ken ons atletiek-mense Coetzenburg. Dis waar altete gewoonlik met daardie ekstra bietjie

vorendag kom om rekords te slaan. Dink maar aan Esther Brand se wêreldrekord in die hoogspring. John van Reenen se skyfwerpgooi op 14 Maart 1975 en De Villiers Lamprecht se eerste droommyl in Suid-Afrika – dit het alles op Coetzenburg gebeur. Dié jongste wêreldrekord op Coetzenburg was een van die grootste hoogtepunte wat atletiek nog in Suid-Afrika belewe het."




Die tien manne wat feitlik die onmoontlike aangedurf en vermag het. Agter v.l.n.r. John Donald (lid van die Matieklub), Isak van der Merwe, Mathews Batswadi, Koos Keyser, Willie Farrell en Johnny Halberstadt. Voor v.l.n.r. Andries Krogmann (ook 'n Matie en kaptein van die span), Julian Marsay (die derde Matie in die span), Loop-en-Val Motshwarateu, en die kêrel wat op sy een been kniel, is Bernard Rose.

HULLE ORGANISEER



Mnr. Nick de Klerk



Mnr. Haas Kruger

Die departement Ontwikkeling se intensiewe fondsinsamelingsveldtog wat in Januarie verlede jaar van stapel laat loop is, het reeds goed gevorder. Die Universiteit is diep dankbaar oor die wye en onselfsugtige steun wat ontvang word van Oud-Maties, ouers van huidige studente en ander vriende van die U.S. Sonder dié welwillendheid sal die U.S. in die duister tas. Dit is 'n dringende noodsaaklikheid indien Stellenbosch wil voortgaan om diens te lewer op die vlak waartoe hy verbind is.

In die afgelope maande (Maart, April, Mei en Junie), het gesellighede weer op verskeie plekke plaasgevind, en die departement Ontwikkeling se veldtogbestuurders was mnre. Nick de Klerk en Haas Kruger. Albei dié manne sê egter prontuit dat die suksesse wat daar was, nooit werklikheid sou geword het sonder die skitterende samewerking van Oud-Matieskakelkomitees en mense wat as ad-hoc lede hulp aangebied het nie.

U.S. BRING HUL BYEEN

Hermanus



Op 10 Maart het sowat 145 gaste 'n dinee in die Hotel Birkenhead op Hermanus bygewoon, waar hulle toegeesprek is deur prof. Willie Esterhuyse (hier aan die woord), hoogleraar in filosofie op Stellenbosch. Regs sit dr. Dawid de Villiers wat die heildronk op die U.S. ingestel het, en links verskyn mnr. Cecil Raubenheimer, voorsitter van Hermanus se Oud-Matieskakelkomitee. Mev. Esterhuyse sit verskuil agter die pragtige tafeluiker.

Hierdie klomp Oud-Maties wat ook die aand op Hermanus was, was almal voor 1930 student op Stellenbosch. Hulle is v.l.n.r. mnr. B. J. le R. Joubert (sy vrou was die hoofgasvrou), dr. Uys Krige, mnr. Cecil Raubenheimer, mnr. J. de Wet, dr. M. Vogts (half versteek agter mnr. De Wet), ds. P. W. J. van Jaarsveld, mnr. G. J. van Dyk, ds. W. A. Alheit, mev. Van Dyk, dr. Etienne Rousseau, mej. B. A. Louwrens, mnr. D. H. Deetlefs, mev. Annie Raubenheimer en ds. G. Bruwer.





Mev. J. C. Winward—sy was ook voor 1930 'n Matie—nuttig 'n heerlike koppie koffie na die eetmaal. Benewens inwoners van Hermanus, was daar ook mense op die dinee van plekke soos Gansbaai, Stanford, Onrusrivier en Kleinmond.



So tussen die heerlike disse deur, is daar ook nog tyd "gemaak" vir gesels—en die gesels het natuurlik hoofsaaklik gehandel oor daardie "beste dae van mens se lewe" op die Akker!

Caledon

Sowat 150 Oud-Maties, ouers van huidige studente en ander vriende van die Universiteit het op 15 Maart vanjaar 'n dinee in die Hotel Park op Caledon bygewoon.

Die geleentheidspreker was dr. Kosie Gericke, vise-kanselier van die U.S., en die burgemeester van Caledon, dr. P. A. Botha, het die heildronk op sy Alma Mater ingestel.

Mnr. Haas Kruger het met groot lof gepraat van die knap wyse waarop die gasvrouvoorsitster, mev. Elsabé van der Westhuysen, en haar medegasvroue, hulle deel bygedra het om van die aand 'n groot sukses te maak. Veel dank is ook verskuldig aan mnr. B. L. van der Westhuysen, voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee, en lede van sy komitee.

Onder diegene wat die dinee bygewoon het, was ook mense uit die omstreke van Botrivier, Greyton en Lindeshof.



Dr. Kosie Gericke was die geleentheidspreker op Caledon.

Beaufort-Wes

Die Oud-Maties van Beaufort-Wes het op 10 Junie 'n baie geslaagde saamtrek gereël. Bykans 70 mense het die dinee bygewoon wat die afgelope jare gereeld elke twee jaar aangebied word. As sprekers het opgetree dr. J. A. Malan, senior lektor in die fakultiet Opvoedkunde aan die U.S., en mnr. Andries Esterhuyse, die Universiteit se adjunk-direkteur van Ontwikkeling. Hier verskyn v.l.n.r. dr. Oloff van der Westhuizen, mev. Madeleine van der Merwe, dr. Malan, mev. Lida Pienaar, mnr. Esterhuyse en mnr. Piet van Velden, voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee in dié geweste. (Foto: Beaufort-Wes Courier)



Graaff-Reinet



Meer as 200 mense het op 21 April 'n dinee in die stadsaal op Graaff-Reinet bygewoon. Die geleentheidspreker, was prof. Bun Booyens, hoogleraar in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan die U.S. Hier aan die hoof tafel verskyn v.l.n.r. dr. W. R. Pieterse (sy vrou, mev. J. E. Pieterse, was die hoofgasvrou), mev. Burger (eggenote van die burgemeester), landdros Swart, mev. P. F. de Klerk (vrou van die plaaslike L.P.R.), mnr. C. Bezuidenhout (voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee), prof. Bun Booyens en raadslid P. J. Burger (burgemeester van die dorp). Mnr. Marius Heyns het die heildronk op die U.S. ingestel.



Mnr. H. P. D. Barnard, wat in 1918 eerstejaar op Stellenbosch was, gesels hier met die U.S. se adjunk-direkteur van Ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse, oor 'n bootreis wat 'n groep Oud-Maties enkele jare gelede op die S.A. Vaal meegemaak het. Mnr. Barnard was die oudste Oud-Matie op die dinee—hy is ook die oudste Oud-Matie op Graaff-Reinet.



Die spyseniering vir die dinee op Graaff-Reinet is deur die Dames van die Noorde behartig. Die disse wat voorgesit is, was onbeskryflik lekker. Kyk net hoe watertand word die kos van die Dames van die Noorde hier beskou!

En boeta, kyk net hoe word daar hier weggele! Die gasvrou wat vir hierdie tafel verantwoordelik was, was mev. J. C. van Wyk. Haar man, mnr. W. J. van Wyk (hy verskyn derde van regs), het al te lekker gesmul toe die foto-graaf die knoppie gedruk het.





"Suid-Afrika vir altyd—en Stellenbosch 'n dag langer!" Oud-Matie D. C. Smit (regs) en sy vriend, John Luscombe, wat ook op Stellenbosch studeer het, stel hulle eie heildronk op die voorspoed van hul Alma Mater in. Mnr. Smit is 'n bekende boer van Kareestomp in die distrik Aberdeen en mnr. Luscombe woon op Graaff-Reinet.



Na die smaaklike eetgoed is daar gesels—tot laatnag toe. Mnr. Nick de Klerk sê die mense van Graaff-Reinet en omgewing se geesdrif was oorweldigend en 'n aangename geselligheid kan geneen voor gewens het nie.

Cradock



Die departement Ontwikkeling se dinee op 22 April in die stadsaal op Cradock is deur sowat 200 mense bygewoon. Die geleentheidspreker was weer—soos die vorige aand op Graaff-Reinet—prof. Bun Booyens. Mnr. Lucius Moolman, lid van die veldtogkomitee en 'n bekende boer van Eldorado, stel hier die heildronk op die U.S. in. Die ander mense aan die hoof tafel is v.l.n.r. mnr. Gerrie Opperman, L.P.R., mev. Bekker, ds. J. A. C. Weideman, voorsitter van die veldtogkomitee, prof. Booyens, mev. Weideman, mnr. A. J. Esterhuyse van die U.S., mev. Opperman en mnr. H. T. Bekker, hoof van die landbou-skool Marlow. Die man met die bril in die voorgrond is mnr. A. S. Christensen. Sy vrou was ook een van die gasvroue.

En hier is die mense van Cradock besig om lekker te smul aan die heerlike eetgoed. Die paartjie links met die vriendelike glimlagte, is mnr. en mev. W. A. T. Schulze. Mev. Schulze was verantwoordelik vir die gaste aan dié tafel, en mnr. Schulze is lid van die veldtogkomitee.



Die Hoërskool Cradock se standard nege dogters, wat almal lid is van hulle skool se dogtersorkes, het die gaste die aand bedien. (Hulle ouers het as spyseniers vir die U.S. opgetree). Die hoof van die Hoërskool Cradock, mnr. M. G. Rust, sê die dogtersorkes, waarvan die lede op die foto netjies in gelid staan, is die skool se trots.

Strand



Bo: Die Oud-Maties, ouers van huidige studente en ander vriende van die Universiteit uit die Strand en omgewing het op 2 Junie vanjaar 'n dinee in die Langenhoven-studentesentrum bygewoon. Hulle het besluit hul wil so naby moontlik aan die ou Eikestad wees! Hier verskyn aan die hoof tafel van regs na links mev. Renée de Vries (vrou van die vise-rektor), ds. P. A. M. Brink (voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee in die Strand), prof. Mike de Vries (hy was die geleentheidspreker), mev. Brink, mnr. Garies Dreyer (lid van die Oud-Matieskakelkomitee) en mev. Rina Esterhuyse (eggenote van die U.S. se adjunk-direkteur van Ontwikkeling).



Bo: Oud-Matie en L.V. vir Valsbaai, mnr. Koos Albertyn stel die heildronk op die U.S. in.

Onder: Mnr. Jan van Blerk, 'n bekende afgetrede sakeman wat tans in die Strand woon, en sy vrou, Bess, het saam met die sowat 230 ander aanwesiges die aand baie geniet. Mnr. Van Blerk het in die jare twintig op Stellenbosch gestudeer en was inwoner van Wilgenhof.



Bo: Nog drie mense uit die Strand wat die aand in die Langenhoven-studentesentrum lekker gekuier het, was (v.l.n.r.) mev. Anna Loots en haar man, dr. Piet Loots (bekende predikant vroeër van Noorder-Paarl en Bethlehem) en mev. A. van Z. Loots.



Somerset-Wes

Regs: Mnr. M. J. J. van Vuren, voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee op Somerset-Wes is hier afgeneem saam met dr. Hennie Joubert en sy vrou waar hulle hulself help aan die heerlike eetgoed wat die aand in die studentesentrum voorgesit is. Dr. Joubert het die heildronk op die U.S. ingestel.



Onder: Die mense van Somerset-Wes het soos dié van hulle buurdorp, die Strand, besluit dat die dinee op die kampus moet plaasvind. Op 3 Junie het meer as 200 mense uit dié geweste na Stellenbosch opgeruk waar hulle in die Langenhoven-studentesentrum lekker gesellig saam verkeer het. Hier verskyn mnr. Haas Kruger saam met die gasvroue, sonder wie die funksie nooit sou kon plaasgevind het nie. Hulle is v.l.n.r. mevv. M. J. de Waal, N. Kruger, L. Roelofse (hoofgasvrou), H. Scheepers, N. Neveling, J. Roux, L. Vlok, M. Paanakker en M. van Zyl.



Regs: Vyf Oud-Maties van Somerset-Wes wat so tussen die heerlike gesmul nog tyd gevind het om te gesels en te skerts. V.l.n.r. is mev. Heide Tietz en haar man Jurgen, mev. Marié de Wet en haar man Ben, en mev. Ella Belcher.



CONSE



Die Endlersaal, hoofkonsertsaal van die nuwe Konservatoriumgebou, is op Vrydagaand 19 Mei amptelik in gebruik gemeem met 'n konsert deur die Kaapstadse Simfonie-orkes o.l.v. Louis Frémaux, met die Stellenbosse konservatoriumdosent prof. Lionel Bowman as solis. Hier is die direkteur van die Konservatorium, prof. Richard Behrens (links) en die Rektor, prof. J. N. de Villiers (regs) saam met die dirigent na afloop van die openingskonsert. Louis Frémaux het reeds van die wêreld se toonaangewendste orkeste gedirigeer, en het onder meer 30 plaatopnames die lig laat sien (waarvan nie minder nie as agt Grands Prix du Disque). Die Paryse première van Francis Poulenc se Stabat Mater is deur die komponis aan Frémaux toevertrou.

RVE INGEWY

Die Maties se nuwe Konservatorium is amptelik in gebruik geneem. In die woorde van die direkteur, prof. Richard Behrens: "Ons het 'n erfenis ontvang . . . dit wat aan ons toevertrou is, sal ons só gebruik dat dit ryklik vrugte dra. By die bereiking van hierdie belangrike mylpaal dink ons terug aan ons voorgangers . . ."

Deur die ywer en toewyding van mense soos proff. Hans Endler en F. W. Jannasch het die "South African Conservatorium of Music" teen die einde van 1904 op Stellenbosch ontstaan. In Mei 1906 het die Conserve sy deftige nuwe gebou in Van Riebeeckstraat betrek – en vir die volgende 71 jaar sou dié gebou Suid-Afrika se oudste musiekskool huisves.

In 1934 het prof. Endler sy musiekskool (mèt gebou en meubels en al) aan die Universiteit van Stellenbosch verkoop en het die "S.A. Conservatorium of Music" die Universiteit se departement Musiek geword.

Prof. Ender se karaktervolle gebou het egter ontoereikend geword, en Konservatoriumpersoneel moes vir jare in bykomende geboue (ou huise in die omgewing van die Konservatorium) gehuisves word. In Mei vanjaar, presies 72 jaar ná die inwyding van die Van Riebeeckstraat-gebou, het ons land se oudste musikstad die modernste konservatoriumgebou in Suid-Afrika betrek.

Dié funksionele, en tog mooi, nuwe gebou is van 19 tot 29 Mei met 'n reeks feeskonserterte in gebruik geneem. Op hierdie vier bladsye verskyn foto's van die binnekant van dié nuwe gebou, en foto's wat op twee konserte tydens die inwydingsreks geneem is – die openingskonsert deur die Kaapstadse Simfonie-orkes o.l.v. Louis Frémaux op Vrydagaand 19 Mei en die spesiale uitnodigingskonsert van die Stellenbosse Universiteitskoor o.l.v. dr. Johan de Villiers wat die Rektor, prof. Jannie de Villiers, op Saterdagdaand 27 Mei aangebied het.



Die eerste uitvoering in die nuwe Endlersaal op 19 Mei is bygewoon deur mev. Yvonne Richter, dogter van wyle prof. Hans Endler, na wie dié konsertsaal vernoem is. Sy is hier (links) by prof. Richard Behrens, direkteur van die Konservatorium, en mev. Behrens.



Onder die teatergangers wat die openingskonsert van die nuwe Endlersaal op 19 Mei bygewoon het, was een van die Universiteit se Raadslede, mnr. F. D. Conradie, L.V., en mev. Conradie.



Tydens die openingsaand van die Endlersaal was v.l.n.r. mnr. Chris Swane-poel, die S.A.U.K. se hoof van musiek (en voorheen hoof van die departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat); mnr. Hans Kramer, eienaar van 'n bekende platewinkel in Kaapstad en 'n leidende figuur in Wes-Kaaplandse musiekkringe; prof. Philip McLachlan, hoof van die departement Skoolmusiek aan die Universiteit van Stellenbosch en tot aan die einde van 1976 vir meer as twee dekades dié dirigent van die bekende Stellenbosse Universiteitskoor; mev. Grethe Kramer; en mnr. Dirkie de Villiers, hoof van musiek in die Vrystaatse onderwysdepartement, aanbieder van die televisieprogram Tema met Variasies, en vader van die huidige dirigent van die Maties se Universiteitskoor, dr. Johan de Villiers.



Links: Die dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor, dr. Johan de Villiers (regs) en sy vrou, Louwina gesels hier ná die kooruitvoering met Kaapstadse sakeman, mnr. Tertius Myburgh. Mnr. Myburgh is 'n direkteur van Maskew Miller, die boekhandel en uitgewers-firma wat die spogprogram vir die kooruitvoering geskenk het.




Links onder: Prof. J. F. A. Swartz, dekaan van die fakulteit Opvoedkunde aan die U.S., is hier ná die spesiale uitvoering van die Universiteitskoor in die Endlersaal saam met die ambassadeur van Bophutatswana, mnr. A. M. Rabaji.



Onder: Die Oostenrykse ambassadeur, dr. A. Moebius, en mej. Helene Rohr, is hier afgeneem op die geselligheid na die kooruitvoering.






Links: Die Endlersaal, hoofkonsertsaal van die Konservatoriumgebou, het sitplek vir 556 teatergangers. 'n Barok-orrel sal volgende jaar op die verhoog ingebou word.

Onder: Die trappe wat van die boonste vlak van die ruim voorportaal na die onderste vlak daarvan lei. Op die agtergrond is die ingang na die Jannaschsaal, die hoofvoorlesingslokaal, wat onder meer vir konferensies gebruik sal word, en waar die Senaat van die Universiteit voortaan sal vergader. Een van die muurpaneel wat deur prof. Larry Scully (inlasfoto) ontwerp is, is ook op dié foto sigbaar.




The new Institute for Polymer Science is the fourteenth research centre to be established at the University of Stellenbosch. The Department of Chemistry has run research programmes in polymers for a number of years, and the new Institute must be seen as allowing the Department to pursue this research under greatly improved conditions. It is equipped to render significant service to the polymer industry and polymer users at national level.

A MAJOR STEP FOR RESEARCH



Dr Ronald D. Sanderson will head the new Institute as part-time director. He obtained his doctorate at the University of Akron in the U.S.A. (See page 42).



Mr Bassie Maas setting the reverse osmosis system.

As it is the main objective of the newly established Institute for Polymer Science to render the polymer industry and polymer users a significant and useful service, industries manufacturing products such as plastics, rubber, textiles and paint will benefit.

Planning and preparation are well in hand to ensure that this service will entail

- the supply of equipment and relevant literature
- the gathering and transfer of local know-how
- the improvement of existing processes
- the supply of details on new technological developments

Moreover basic and applied research projects in polymer science, sponsored by, amongst others, the State, Industry and the University, will be undertaken.


In the interests of clients problem solving studies, that require incisive technical insight, will receive immediate attention.

The Institute is the first of its kind in the country and apart from being the best equipped for general polymeric research, it is also the largest in South Africa. It will continue to function within the Department of Chemistry where, for a number of years, considerable research in polymers has been conducted by a team, who now have become part of the new Institute. Consequently, the sound basis and gratifying measure of expertise already established, have done much to eliminate teething problems.

The staff members of the Institute number 16 full and part-time researchers. Some of them are post graduate students drawing bursaries or some financial assistance from the 1978 budget. The facilities of the Institute are at their disposal. It is hoped that the training, which technicians receive, while engaged in projects of the Institute, will assist in alleviating the technical manpower shortage in the polymer industries.

Obviously, research projects conducted by the Institute could be of a varied character if it were possible to include all the equipment and know-how of the Faculty of Science. This, however, is not feasible. Polymer science research is, of necessity, largely dependent on the facilities of chemistry, physics and engineering, which give access to such techniques as electron microscopy, nuclear magnetic resonance and mass spectrometry.

The Institute is at present continuing a project initially started in the Department of Chemistry in 1973 with support from the National Institute of Water Research.



Dr Derik Pienaar measuring permeate salinity on an automatic reverse osmosis apparatus.

Excellent progress has been made with the project which is part of the National Masterplan for Desalination Research. The current studies concern the synthesis and use of polymeric membranes for water purification by both ultrafiltration and hyperfiltration (reverse osmosis). (Reverse osmosis is a pressure driven process applied to saline water whereby a selective membrane permits essentially pure water to pass through while retaining salts and impurities as a concentrate.)

Dr Derik Pienaar is the senior chemist of the project and he has attained considerable success with the use of supplemental polymers, which can be used for the improvement of desalting membranes and, of even greater economic significance, for the regeneration of deteriorated membranes. This research has also led to a new proposal regarding membrane action and has provided a better understanding of the polymer chemistry involved in membrane formation. (Dr Godfrey Dalton of the National Institute of Water Research, is a close associate in this project.)

A further area of investigation within this project concerns ultrafiltration membranes, especially those possessing a charged surface. The aim has been to synthesize and form a membrane with low fouling characteristics and good rejection capabilities.

Many polymeric membranes have been patented with properties offering scope for their application for sea and brack water desalination, as well as for the removal of organic material in, for instance, sewage reclamation. In view of this the Water Commission has, through the auspices of the National Institute of Water Research, established a second project that will form part of the Institute's activities. This project involves the introduction of membranes into support systems and studying their behaviour under practical conditions. The initial aim is to produce membranes in a wide flat supported sheet and in tubular form.

A further project, of a different nature, involves the study of liquid castable rubbers, thermoplastic elastomers and perfect rubber networks. The major achievement in this field has been the development of a new initiator system.

In addition, plans are underway to investigate further certain agricultural applications of polymers e.g. a polyethylene citrus coating for increasing storage life of the fruit and a ground consolidation and conditioning agent which can be sprayed in arid areas for the establishment of vegetative ground cover, and which can be used on dam walls, road embankments, etc. Recently trial experiments on membrane separations in the fermentation industry proved highly successful and will be continued.

Finally mention should also be made of the synthesis of polymers for the dimensional stabilisation of pine wood.

With six new Ph.D. students real progress is expected!




Miss Antoinette Potgieter (right) assisting Miss Ilse Treurnicht with polymer synthesis.

VAN ONS DONATEURS



Die Ou Mutual, een van die Universiteit se groot donateurs, het in April weer geld aan die Buro vir Ekonomiese Onderzoek geskenk. Hier oorhandig Ou Mutual se Assistent-hoofbestuurder (Bemarking), mnr. Ralph Roseman, twee tjeks ten bedrae van onderskeidelik R1 500 en R2 000 aan die direkteur van die Buro, prof. Jan Sadie (tweede van regs.) Links is mnr. Rein Lombard, Ou Mutual se takbestuurder in die Eikestad (hy is sedertdien na Pretoria verplaas) en die ander persoon is mnr. James A. Kotzé, distriksbestuurder van dié versekering-maatskappy op Stellenbosch. Die tjek van R1 500 is aan die Buro se Eenheid vir Toegepaste Ekonomie geskenk—dié skenking is jaarliks sedert 1972 gedoen wat beteken dat daar tot op datum reeds R10 500 gegee is. Hierbenewens het Ou Mutual sedert 1974 jaarliks R2 000 aan die Buro se Eenheid vir Toekomsnavorsing bygedra—saam met die tjek wat hier ontvang word, het dié Eenheid dus nou R10 000 ontvang. Tot dusver het Ou Mutual altesaam reeds bykans R140 000 aan die U.S. geskenk, onder meer ook vir mediese navorsing en studieleninge.




'n Tjek ten bedrae van R30 000 in onlangs deur mnr. L. du Plessis, waarnemende direkteur van die Kaapse Wyn- en Spiritueel-instituut (K.W.S.U.), aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers, vir wynekundige navorsing aan die Universiteit oorhandig. Die K.W.S.U. het oor die afgelope tien jaar reeds ruim bygedra tot wynekundige navorsing in die fakulteit Landbou, en het nou besluit om ook vir die volgende vyf jaar 'n jaarlikse skenking van R30 000 vir dié doel aan die Universiteit te maak. Op die foto, wat in die Rektor se kantoor geneem is tydens die oorhandiging van die eerste tjek van R30 000, verskyn v.l.n.r. mnr. Du Plessis, prof. De Villiers, prof. J. C. de Wet, voorsitter van die K.W.S.U., prof. H. A. Louw, dekaan van die fakultiet Landbou, en prof. C. J. van Wyk, hoof van die departement Wynkunde.



Die Stellenbossche Distriksbank Beperk, het in April R2 400 aan die Universiteit geskenk. Van dié bedrag is R1 000 vir die Eeufestruustfonds en die res vir vier beurse van R350 elk wat vir vanjaar beskikbaar gestel is. Op die foto het die bank se voorsitter, mnr. P. K. Morkel, pas die geld aan die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard (links), oorhandig. Regs staan die hoofbestuurder van die Stellenbossche Distriksbank, mnr. C. J. du Plessis. Sedert 1943 het die Distriksbank nou reeds bykans R40 000 aan die U.S. in die vorm van skenkings en beurse gegee.



Volkskas Beperk se skenking aan die Eeufestruustfonds van die Universiteit is vanjaar met R500 verhoog. Hier oorhandig dié bank se streekhoofbestuurder in Kaapstad, mnr. Willem van Zyl, 'n tjek ten bedrae van R2 000 aan die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard (regs).



Sanlam het onlangs weer 'n bedrag van R1 500 aan die Buro vir Ekonomiese Navorsing van die Universiteit geskenk. Dié foto is geneem toe die Stellenbosse streekbestuurder van Sanlam, mnr. G. J. de Swardt (regs), die tjek aan die direkteur van die Buro, prof. Jan Sadie, in laasgenoemde se kantoor in die C.G.W. Schumann-gebou oorhandig het. Die geld is vir die Buro se Algemene Navorsingsfonds.

VAN ONS DONATEURS



Die Allied Bouvereniging het in Junie sy jaarlikse skenking aan die U.S. se Eeufestruustfonds gedoen. Hier oorhandig Allied se takbestuurder op Stellenbosch, mnr. W. J. Steenkamp (links), die tjek vir R1 000 aan mnr. P. J. Lombard, die Universiteit se direkteur van Ontwikkeling. Die oorhandiging is in mnr. Lombard se kantoor gedoen.



Die gestruktureerde doktorsale program wat sedert vanjaar deur die U.S. se Nagraadse Bestuurskool aangebied word, geniet geldelike steun van 'n aantal maatskappye. Die program is daarop gemik om mense wat reeds bewys het dat hulle bogemiddelde studente is, te bekwaam vir gevorderde poste in die private en openbare sektor van die ekonomie en as dosente aan universiteite. Die bekende maatskappy, I.B.M., het onlangs 'n tweede bydrae ter ondersteuning van dié program gemaak. Hier oorhandig die takbestuurder van I.B.M. in Kaapstad, mnr. Terry Burns, 'n tjek vir R2 000 aan prof. Helgaard Muller (regs), direkteur van die Nagraadse Bestuurskool.



Die besturende direkteur van Educational and Technical Aids (E.T.A.), mnr. Brian Blows (tweede van regs), oorhandig 'n tjek vir R2 000 aan die direkteur van die Instituut vir Taalonderrig aan die U.S., dr. Dawid van der Vyver. Die sesde nasionale konferensie oor taalonderrig is van 26 tot 28 Junie deur die Instituut, in samewerking met E.T.A., op Stellenbosch aangebied en dié donasie sal aangewend word om onkoste te bestry. Adv. D. P. de Villiers (links) en prof. H. B. Thom (regs) is albei lede van die Raad van Beskermhere van die Instituut vir Taalonderrig.



This is an historic picture—it was taken in 1969 at the first tournament sponsored by Appletiser. Mr E. J. Lombardi, Chairman of Appletiser, is seen with Mr Alf Chalmers (left), immediate past President of the S.A.L.T.U., during the handing over of the trophies.

This year marks the tenth anniversary of sponsorship by Appletiser Pure Fruit Juices (Pty) Ltd of the annual tennis tournament for juniors which has been presented each December at the University of Stellenbosch since 1969. To tennis loving South Africans the Appletiser Bowl, as this tournament is known, has become a household name . . .

Since the inception of the Appletiser Bowl in 1969, this national tournament has become the major teams event on the junior tennis calendar, and in increasing numbers, young players destined to make their mark in South African junior inter-provincial championships and subsequent tournaments, are seen here competitively for the first time.

The 1977 Appletiser Bowl toted up a record initial entry figure of 429 teams from 274 schools, and the finals saw a record of nine newcomer schools.

The Appletiser Bowl is devised and organised by Jaroslav Houba, his son Jaro and Philip Söderlund, and presented by the University of Stellenbosch. Dr Danie Craven, in his capacity as Director of Sport is closely and personally involved each year, while Appletiser Pure Fruit Juices (Pty) Ltd sponsors the competition annually.

The Bowl is open to all schools in the Republic. For the purpose of the competition the Republic is divided into zones for boys and girls. South West Africa is also represented on a school basis now.

Well over a thousand preliminary matches are played to determine the zone winners who then travel with their managers to Stellenbosch to take part in the inter-zone final which is played on a round robin elimination basis at the University courts, during the Christmas school holidays.

The climax of a week's intensive play is Finals Day, and in addition to the coveted floating trophy, the sponsors grant the winning schools in the boys' and girls' sections R250 each to contribute towards the improvement of their school tennis facilities. Runners-up receive R150 each.

But the main objective of the Appletiser Bowl is to improve the quality of junior tennis in Southern Africa, and it has been primarily designed to stimulate the average player's interest in tennis, affording him an opportunity to measure his skills against his contemporaries.

To this end, only players under 15 years of age who have not yet received their provincial colours at junior or senior

THE BEAUTY OF THE BOWL

level, are allowed to enter. While many young players who first proved their talents in Bowl competition have actually gone on to gain provincial colours, producing champions is not the aim of this educational project in tennis.

The beauty of the Bowl is the fact that it is not only the experienced and good players who have a chance to participate, but also those with less skill. Schools have learnt that it pays to enter promising players who will also be able to compete in the following year. This way, the players build up their team expertise considerably.

Teams pick up extremely valuable experience of competition at the Bowl, and are encouraged to come to grips with the problem of self-discipline imposed during match-play. But is it not only the competition that counts, and contact through sportmanship is now, as ever, the main theme of the Bowl.

The Bowl is also a unique tennis experience for the Rhodesians as their juniors seldom have the opportunity to measure their skills at an international level, and often end up merely playing against each other in their own regional tournaments.

The Bowl's popularity is still on the upswing to judge by the increasing number of entries each year as new schools accept the challenge, and old friends who never fail to participate, take to the courts during the Appletiser Finals week.



The men behind the Appletiser Bowl. From left to right Messrs Jaroslav Houba, Gawie Groenewald (Appletiser's Marketing Manager), Jaroslav Houba Jun and Philip Söderlund.

1958-TENNISKAMPE-1978



*met die goedgunstigheid van die
Universiteit van Stellenbosch se
Sportkomitee en met gebruikmaking
van sy geriewe*

• Dit is vanjaar twee dekades dat Jaroslav Houba sy tenniskampe in die Eikestad aanbied. In 1958 het hy op klein skaal begin, maar ons is trots om te kan sê dat die kampe steeds in gewildheid toeneem en dat meer as 3 000 junior tennisspelers reeds deur ons hande is. Trouens, Jaroslav Houba se tenniskampe het 'n hoogtepunt op die kalender van Suid-Afrikaanse Juniortennis geword.

• Die Stellenboschtenniskampe is tweeledig van aard – vir die gevorderde of geesdriftige speler bied dit die kans om deur meesters van hul vak die nodige leiding te ontvang om 'n veel hoër standaard van spel te bereik en vir die sosiale speler is dit die ideale tennisvakansie in 'n idilliese omgewing.

• Die spelers gaan tuis in "Tricelle", die baie bekende en gewilde vakansieoord in die natuurskone Jonkershoekvallei. Aan die eikbegroeide-walle van die beroemde Eersterivier kan mens sommer net ontspan, of afkoel in 'n sprankelende privaatwembad – verbind dit met die kameraderie van die tennisbaan en 'n onvergeetlike ondervinding wag om geniet te word.

• Daar sal einde vanjaar en vroeg aanstaande jaar twee sessies van 'n week elk wees, en wel van 29 Desember 1978 tot 4 Januarie 1979 en van 4 Januarie 1979 tot 11 Januarie 1979.

Navrae:

Navrae moet gerig word aan: Die Sportkantoor, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600 (tel. no. 71030) of aan mnr. J. Houba, Posbus 20, Rondebosch 7700 (tel. no. Kaapstad 61-8327)



'n Tipiese toneel tydens 'n tenniskamp op Stellenbosch. Mnr. Houba (sr.) is hier besig om 'n speelster met haar voorarm-greep te help. Mnr. Houba se seun, Jaro, en die ander lid van die driemanskap, mnr. Philip Söderlund (regs), kyk toe.

HOUBA EN TENNIS SINONIEM

Toe Jaroslav Houba in 1951 in Suid-Afrika aangekom het, het 'n nuwe era in tennis in die land aangebreek. In daardie jare het hy man-alleen die lengtes en breedtes van die land deurkruis in 'n poging om lewe in junior tennis te blaas.

Dit was hy wat tenniset aan Suid-Afrika bekendgestel het en daarmee pionierswerk verrig het, veral betreffende afrigting in laer skole. Hy het ook 'n geweldige aandeel in die verbetering van afrigting op hoër skool sowel as universitêre vlak gehad.

Hy het met die idee vorendag gekom om kursusse vir 'n uitgesoekte klompie juniors te reël. Dit was die begin van die beroemde Stellenbosch-kampe, wat weer die voorloper was tot die stigting van die J. Houba Tennis-sentrum.

Dit is egter nie die eerste ondervinding wat dié afrigter van 'n tennissentrum gehad het nie. In sy geboorteland, Tsjeggo-Slowakye, het hy in 1939 die J. Houba Tennis-sentrum gestig. Die ontwikkeling van die sentrum is egter deur die Tweede Wêreldoorlog in die wiele gery, maar in 1945 word daar daarmee voortgegaan. Dit het egter as gevolg van die politieke omwenteling in 1948 in dié land doodgeloop.

Die idee van tenniskampe het gou in Suid-Afrika posgevat. Aanvanklik het die kampe net voorsiening gemaak vir top juniors en binne enkele jare het soveel as 40% van die land se provinsiale junior spelers die kampe bygewoon.

Later is die kampe geherorganiseer om ook voorsiening vir minder goeie spelers te maak. En vandag, 20 jaar

nadat die eerste kamp gehou is, het daar reeds meer as 3 000 spelers die kampe bygewoon.

In beheer van die kampe, is afgesien van mnr. Houba, ook sy seun, Jaro en mnr. Philip Söderlund. Mnr. Söderlund, wat na die aftrede van mnr. Houba sr., die Universiteit van Stellenbosch se heeltidse afrigter geword het, het hom 22 jaar gelede by mnr. Houba aangesluit, en mnr. Houba jr. in 1961.

Hulle is die enigste groep afrigters wat op nasionale vlak werk. Tesame beskik dié drie oor 90 jaar ondervinding wat hulle in staat stel om afrigting aan enige gehalte speler, van die beginner tot die mees gevorderde speler, te gee. Met mnr. Houba se aanstelling as heeltidse afrigter van die U.S. in 1966, was dit 'n logiese gevolg dat die Jaroslav Houba Tennissentrum en die Stellenbosch Tenniskampe en die Universiteit nou ineengeskakel het.

Die ou Eikestad, tuiste van duisende studente, was gewoonlik verlate met die somervakansie, die pragtige sportvelde ongebruik. Dié prentjie het egter aansienlik verander na die instelling van die tenniskampe en later die Appletisertoernooi. Want deesdae, skaars na afloop van die Appletisertoernooi, trek van die room van Suid-Afrika se juniors op Stellenbosch saam vir die tenniskampe.

Só word daar jaarliks in die somervakansie die geleentheid aan jong tennisspelers gebied, nie net om hul geliefkoosde sport te beoefen en te verbeter nie, maar ook om die Republiek se oudste en mees gerespekteerde Universiteit beter te leer ken.

IN MEMORIAM

Verskeie Oud-Maties en ander mense wat noue verbintenisse met die Universiteit van Stellenbosch gehad het, het ons in die afgelope maande ontval. Matieland betuig sy diepste meegevoel met dié wat agtergebly het.

Prof. Christiaan Lodewyk Wicht, een van die grootste name wat Suid-Afrika nog op die gebied van die bosbou opgelewer het, is skielik in Mei vanjaar aan huis op Stellenbosch oorlede. Hy is op 25 Augustus 1908 in die Eikestad gebore.

Prof. Wicht het in Desember 1973 afgetree na 'n dienstydperk van 24 jaar as hoogleraar in bosbou aan die U.S.

Hy het in 1929 die graad B.Sc. op Stellenbosch verwerf, en is toe na Oxford in Engeland waar hy die graad B.A. in bosbou geslaag het. Daarna is hy na Dresden in Duitsland waar hy sy doktorsgraad aan die Bosbou Akademie Tharandt verwerf het.

In 1934 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en tot die Staatsbosbou diens toegetree. Die volgende jaar het hy sy intrek in die herehuis op Jonkershoek geneem en die eerste boshidrologie-navorsingsstasie daar beplan



Prof. C. L. Wicht

en uitgebou. Die feit dat hierdie stasie onder boshidroloë dwarsoor die wêreld bekend is, is hoofsaaklik te danke aan die vermoë en geesdrif van wyle prof. Wicht.

Prof. Wicht het in 1950 hoogleraar in bosbou aan die U.S. geword. Hy het dié pos beklee totdat hy aan die einde van 1973 afgetree het.

Prof. Wicht sal veral om twee redes altyd onthou word. Eerstens het hy na sy toetrede tot die Universiteitspersoneel, in 'n samewerking met die departement van Bosbou voortgegaan met sy lewenstaak, die bosbouhidrologienavorsing op Jonkershoek en elders in die land, en dié gesaghebbende in die Republiek op daardie gebied gebly. Hierdie navorsingswerk van hom het ook die aansien van die fakulteit Bosbou van die U.S. in Suid-Afrika en in die buiteland help bevorder. In die tweede plek sal hy onthou word weens sy onvermoeide ywer om van die fakulteit nie net 'n sentrum vir die opleiding van bosbouvak kundiges te maak nie, maar ook om dit uit te bou tot 'n navorsingsinrigting wat 'n wesenlike bydrae tot die kennis van die bosbouywerheid in al sy vertakkinge kon maak.

Prof. Wicht was 'n bedrywige wetenskaplike wat nasionaal en internasionaal bekend was. Meer as 50 hoogstaande publikasies het uit sy pen verskyn. Hy het onder meer 16 internasionale kongresse en simposia in verskeie lande in Afrika, Amerika, Duitsland, Frankryk en Argentinië bygewoon. Hy is ook in 1965 deur die National Science Foundation of America genooi om 'n referaat voor te dra en die voorsitterstoel in te neem op 'n internasionale simposium oor boshidrologie wat by die Universiteit van Pennsylvania gehou is. Daarbenewens het hy talle uitnodigings ontvang om lesings aan universiteite in Duitsland en Frankryk te lewer.

Die bekendheid wat die fakulteit Bosbou aan die U.S. vandag as navorsingsentrum geniet, is grootliks te danke aan die ondernemingsgees en ywer van prof. Christiaan Wicht. Dit was hy wat die hulpbydrae van die Departement van Bosbou aan dié fakulteit bedink en bewerkstellig het. Dit het tot gevolg gehad dat die fakulteit kon diens lewer op die peil waartoe hy hom verbind het.

Na sy aftrede, in 'n stadium wanneer die meeste ander mense sou gedink het hulle lewenstaak is verby, het Christiaan Wicht begin met wat

baie bosbouers beskou as sy heel belangrikste taak. Dit was nl. die opstel en voorbereiding van 'n meesterplan vir bosbounavorsing in Suid-Afrika – 'n taak wat hy vir die Departement van Bosbou onderneem het.

En dié man was só veelsydig dat hy hierdie belangrike en omvattende taak feitlik sonder hulp aangepak het, en toe hy skielik op 7 Mei vanjaar tot sterwe kom, was dit net die afrondingswerk wat oorgebly het.

Prof. Wicht word oorleef deur sy vrou, Peggy, en drie dogters, Elizabeth, Susan en Margaret.


Mr Charles Keir Johnman of the Department of English died suddenly at Stellenbosch on 25 May. He was 65.

Mr Johnman was born in England and came to South Africa with his parents at the age of 12. He attended Durban High School and graduated from U.C.T. with the degree of M.A. in Classics and B.Educ.

Mr Johnman, who is survived by his wife, Dorothy, was appointed at the University on 1 April 1939. This tribute from Prof. John Thompson, his friend and colleague of many years: Charles Johnman was one of South Africa's best-known and undoubtedly one of her best-loved teachers of English. His passing will be deeply mourned by ex-Maties throughout the country. There are literally thousands of them in all walks of life who passed through his hands in the 40 years that he was associated with the English Special course at the University, first as a lecturer and for the last 26 years as Senior Lecturer in charge of it. And for a very large number of these students, one of the high points of their academic careers proved to be the humble "eerstejaarsbyvak Engels Spes. given by meneer Johnman". This was not just because of the entertainment that the lively Mr Johnman could be relied upon to provide. His course was for them a unique experience, contributing enormously to their development as human beings. For unlike most Practical English courses at universities in South Africa and indeed in the rest of the world, the course offered at Stellenbosch aimed not merely at improving students' proficiency in English but at teaching them to think for themselves, to judge independently, to be critical of the superficial, the sentimental, and the false, and to appreciate what was honest and creative. The course in English also developed the students' proficiency in their own language and was for many of them a uniquely refining and civilizing influence. In this it bore the unmistakable impress of Charles Johnman's own personality, which made it, indeed, a Special course.

But Charles Johnman's talents as a teacher, unique as they were, were only a small part of Charles Johnman the man. If one were to try to list all the societies to which he belonged, the various capacities in which he served on their committees, and above all his indefatigable efforts on their behalf, this edition of Matieland would be considerably fatter. One should nevertheless mention his church, the Public Library, the Museum, the Libertas Theatre Club, the Stellenbosch Film Society, the Stellenbosch Music Society, the Cape Town Concert Club and the Van der Stel Foundation. In short, there is probably not a single worthwhile cultural activity in the great cultural centre of Stellenbosch with which Charles Johnman was not associated.

The enumeration of his contributions to public life, even if it were exhaustive, would however in no wise convey the spirit of the man. What sort of small-town teacher would it be whose passing would elicit the extraordinary tribute of a recital specially for him by world-famous musicians of the stature of Peter Frankl and the great Pierre Fournier? What quality made him the close personal friend of internationally acclaimed conductors, composers, writers, sculptors, actors, painters and artists of every kind?



Mr C. K. Johnman

A pointer to the answer lies perhaps in the fact that his domestic servant was afraid to accompany his widow to his funeral lest she herself should weep uncontrollably throughout. Charles could indeed 'walk with Kings' and with their betters, but never lost 'the common touch'. The humblest of his fellow-parishioners was treated with the same interest, courtesy and kindness as was his Bishop. Similarly the secret of his success as a teacher was not in the last analysis his brilliance or liveliness: to put it in one word, it was a matter of love, love not merely for his subject but for his students as people. Slow or quick, talented or otherwise, they all responded to his personal interest in them, his personal warmth. Likewise the members of all the societies he served remember him sadly, not as a fellow-member or president but as a friend and a very close one at that. They loved him largely because they felt how much he loved them. For Charles was intelligent enough and subtle enough to find something to love in everyone.

It was Wordsworth who characterised "the best part of a good man's life" as "His little, nameless, unremembered acts/Of kindness and of love." Such acts constituted just about the whole of Charles's life.

One would call him a saint if the word did not nowadays have connotations of solemnity, and a grim sort of puritanism. Charles for all his refinement and cultivation and a delightful down-to-earth quality, even an earthiness, and a marvellous sense of fun. His parish priest recalled him in his beret, with head thrown back, driving off in his Morris station-wagon on some errand of mercy, but I delight even more in remembering him sitting on the floor at a party, surrounded by laughing young people and wiping away huge tears of mirth from the corners of his eyes.

Perhaps the best tribute one can pay this vital, loveable and truly great teacher is simply to say that his whole life was a lesson for all of us – a lesson that I for one shall never forget.



Dr. A. J. van der Merwe

Die bekende dr. A. J. van der Merwe is in April vanjaar in die ouderdom van 81 jaar aan sy woning in Oranjezicht oorlede. Hy was 40 jaar lank leraar van die N.G. Gemeente Kaapstad (Grootse Kerk), vyf keer Moderator van die Sinode van die N.G. Kerk in Kaapland en eerste Moderator van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk in Suider-Afrika.

Abraham Johannes van der Merwe is op 13 April 1897 in die distrik Calvinia gebore. Nadat hy daar gematrikuleer het, is hy na die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad, waar hy die graad M.A. met lof behaal en 'n beurs verower het om sy studie in die buiteland voort te sit. Hy het eger eers die Kweekskoolkursus op Stellenbosch gevolg en die eindexamen met hoogste lof afgelê. Daarna het hy sy studies in Nederland voortgesit, waar hy in 1925 'n doktorsgraad in die Godgeleerdheid behaal het.

Na sy terugkeer het dr. Van der Merwe enkele maande as hulpleraar op Calvinia gedien totdat hy in 1926 'n beroep tot leraar van die Grootse Kerk, Kaapstad, aanvaar het.

Dr. Van der Merwe was allereers kerkman en het deurentyd 'n leidende aandeel in kerklike en maatskaplike aangeleenthede geneem. In 1945 is hy die eerste keer gekies tot Moderator van die Sinode van die N.G. Kerk van Kaapland. Hierdie pos het hy vyf keer agtereenvolgens beklee. Na dr. Andrew Murray was hy die jongste predikant wat tot dié amp verkies is.

'n Nog hoër onderskeiding het hom te beurt geval toe hy in 1962 gekies is tot die eerste Moderator van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk in Suid-Afrika.

Dr. Van der Merwe was ook geruime tyd lid van die Raad van die Universiteit van Kaapstad.

Vier eredoktorsgrade is aan hom toegeken deur onderskeidelik die Vrije Universiteit van Amsterdam en die Universiteite van Stellenbosch, Rhodes en Kaapstad.

Dr. Van der Merwe word oorleef deur sy vrou, 'n seun en twee dogters.



Mnr. D. C. Swart

In April het 'n groot Stellenbosser en bekende onderwysman heengegaan. In 'n persoonlike waardering sê 'n bekende leraar van die Eikestad, ds. Tobie de Clercq: "Stellenbosch sonder Dirk Cornelius Swart, is nie meer dieselfde nie".

Oom Dirk, soos almal hom geken het, was toe hy in 1973 afgetree het, vise-rektor van Paul Roos-Gimnasium. Hy het in 1950 as landbou-onderwyser daar begin, en as onderwysman diep spore getrap. Vir baie jare was hy hoofeksaminator vir Kaapland in skeinat en later tot met sy aftrede in landbou. Baie geslagte Paul Roosers sal Oom Dirk onthou as die spil waarom rugby by die skool gedraai het en as die man wat verantwoordelik was vir reëlings betreffende eksamens en eksamenroosters.

Mnr. Swart is op 27 Februarie 1908 in Bloemfontein gebore waar hy sy skoolopleiding aan die Grey-Kollege ondergaan het. Daarna het hy die graad M.Sc. in landbou en die S.O.D. aan die U.S. behaal. Na sy aftrede het Oom Dirk – hy was ook baie lief vir tuinwerk – 'n ruklank as leerkrag op De Doorns en aan Paarl-Gimnasium uitgehelp. Toe hy kort na sy 70e verjaardag ernstig siek geword het, was hy verbonde aan die Tegniese Kollege Stellenbosch.

Sy heengaan beteken vir baie meer as net sy familie 'n groot leemte en hartseer. Oom Dirk was een van Stellenbosch se groot eike.

Hy word oorleef deur sy vrou en drie seuns.

Mev. Kenau Havemann, eggenote van die Natalse Administrateur, mnr. Ben Havemann, is op 23 Mei in Pietermaritzburg oorlede nadat sy lank siek was. Sy het haar as onderwyseres op Stellenbosch bekwaam en dit was ook waar sy haar man ontmoet het. (Hy het aan die U.S. in die regte gestudeer). Later het sy op Viljoenskroon skoolgehou waar mnr. Havemann prokureur was.

Mev. Havemann, 'n nooi Snyman van Potchefstroom, was 64. Sy word oorleef deur haar man en drie kinders.

Die bekende gewese Springbokrugbyspeler, J. J. (Ballie) Wahl, is in Junie in die Paarl oorlede, enkele dae voor sy 58e verjaardag.

Mnr. Wahl het in 1944 by die K.W.V. as personeelbeampte in diens getree nadat hy sy studies aan die U.S. voltooi het. Hy was sedert 1962 personeelbestuurder.

Johannes Joubert Wahl is op 10 Julie 1920 in die Paarl gebore. Hy het aan Paarl-Gimnasium skoolgegaan.

In die jare veertig het Ballie Wahl bekendheid as skrumskakel van die Westelike Provinsie verwerf. Hy het aanvanklik vir die destydse afgestigde bond van Wes-Kaap gespeel, maar later weer vir die W.P. Hy het 38 keer vir dié span uitgedraf.

In 1949 was hy skrumskakel vir die Springbokke teen die besoekende All Blacks van Fred Allen. Hy het net in die eerste toets op Nuweland gespeel. Hy was 'n groot, sterk geboude skrumskakel, wat bekend was vir sy lang aangee.

Hy laat sy vrou, 'n nooi Sannie Truter, tweelingdogters en 'n seun agter. Sy seun, Francois, het as geneesheer aan die U.S. gekwalifiseer en het bekendheid as atleet en rugbyspeler verwerf. Hy ondergaan op die oomblik militêre opleiding.

Aanwesig:

Prof. H. B. Thom (President en Voorsitter), mnre. J. D. Algera, F. H. Badenhorst, dr. R. K. Belcher, ds. G. J. V. Bell, mev. H. Bell, mnre. D. V. Benadé, mev. J. M. Beukes, K. E. Beylerveld, dr. J. M. Blomerus, mev. A. J. Booysen, mnre. C. M. Booysen, prof. A. G. Botha, mnre. S. S. Burger, mev. M. S. B. Cillié, J. M. Claassen, dr. P. E. Claassen, mnre. J. P. Coetzee, C. Coetzee, E. L. Conradie, mev. N. D. Conradie, mnre. R. P. Conradie (sekretaris), W. J. Conradie, prof. J. J. Cruywagen, mev. P. Daneel, ds. T. J. de Clercq, proff. J. J. de Villiers, O. T. de Villiers, mnre. T. H. de Villiers, prof. M. J. de Vries, mev. R. de Vries, D. F. Dreyer, prof. T. P. Dreyer, mnre. D. G. du Plessis, drr. P. G. du Plessis, A. P. T. du Toit, prof. C. A. du Toit, mnre. C. G. de K. du Toit, prof. D. L. Ehlers, mnre. A. J. Esterhuysen, ds. J. W. Hanekom, mnre. D. C. Hauptfleisch, drr. J. J. Heydenrych, J. B. B. Heyns, mnre. C. H. Kocks, proff. J. W. Koen, I. J. Lambrechts, mev. E. N. le Roux, prof. J. A. le Roux, mnre. M. S. le Roux, P. J. Lombard, E. Louw, mnre. G. J. Louw, mnre. H. A. L. Louw, J. A. Louw, mej. M. H. Louw, mnre. G. H. Malherbe, prof. J. G. Meiring, mev. B. S. Minnaar, ds. J. R. Minnaar, mnre. I. J. Mouton, mev. J. B. Mouton, mnre. D. Müller, dr. L. M. Muntingh, mev. M. E. Murray, prof. A. Nel, dr. J. G. Niehaus, mnre. G. Nieuwoudt, prof. F. F. Odendaal, mnre. J. R. Olivier, J. J. Oosthuysen, P. J. Oosthuysen, M. H. Pienaar, dr. W. J. Pienaar, mnre. J. E. Potgieter, dr. Lettie Pretorius, prof. S. J. Pretorius, mnre. A. W. Retief, B. Rode, mev. H. Roos, mnre. W. J. Roos, M. J. Schoonwinkel, proff. C. G. W. Schumann, D. E. W. Schumann, mev. H. M. Schumann, dr. W. J. B. Serfontein, mnre. A. A. Slabber, D. Smit, mev. H. M. Smit, mnre. J. N. Smit, mev. M. J. Smit, ds. A. J. H. Smith, mnre. J. F. Spies, mev. C. M. Squier, mnre. J. H. C. Stassen, proff. E. Theron, B. F. Thiart, mnre. L. M. Toerien, W. Truter, mev. I. A. van der Merwe, prof. W. M. van der Westhuizen, mnre. H. T. van Huyssteen, prof. H. G. van Niekerk, mnre. P. A. L. van Niekerk, mev. B. A. van Rooyen, mnre. J. J. van Rooyen, prof. A. H. van Wyk, mev. M. van Wyk, mev. C. van Zyl, mnre. H. B. van Zyl, proff. J. J. W. van Zyl, H. C. Viljoen, drr. P. E. Walters, P. A. Weber, proff. M. Webb, P. B. Zeeman, mev. S. C. Zeeman, mnre. H. J. Zietsman.

Vyf en twintig persone het die vergadering as besoekers bygewoon.

Die Sekretaris lees die gepubliseerde kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, voor.

Ná 'n openingsgebed deur ds. T. J. de Clercq, heet die President alle aanwesiges hartlik welkom.

Die notule van die vergadering van 2 Desember 1976 word goedgekeur en deur die handtekening van die President bekragtig.

Betuiging van meegevoel

By monde van die President betuig die vergadering meegevoel met die naasbestaendes van lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering heengegaan het. Die volgende name word genoem: Mnr. C. S. (Chris) Niemann, prof. D. L. Scholtz, adv. P. R. (Paultjie) de Villiers, mnre. Johannes van der Bijl, ds. A. J. (Attie) van Wyk, proff. J. J. (Johnnie) Strassheim, Adriaan J. la Grange, drr. Albertus S. Meyer, A. H. Broeksma, David Krige, Werner Eiselen, di. M. L. de Villiers, André Brand, prof. W. J. (Bill) Pretorius, mnre. W. F. ("Vadertjie") Pienaar, proff. M. J. C. de Reville, M. J. Toerien, mnre. H. J. (Manie) Malan, proff. H. W. Truter, J. W. Loubser, Oud-sen. A. J. (Awie) van der Merwe, di. F. J. (Fred) Liebenberg, J. T. M. de Jong van Arkel, mnre. A. J. Krog, dr. Jan Bouws, prof. Jan van der Merwe, dr. S. P. van Wyk, prof. J. J. Müller.

Geleentheidsprekers

Die President, onder andere ook in sy hoedanigheid as Voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite, en die Rektor, prof. J. N. de Villiers, gee vervolgens 'n oorsig oor die finansiering enersyds en die akademiese en fisiese beplanning andersyds ten opsigte van die ontwikkeling van die Universiteit se satellietkampus in Durbanville.

Na afloop daarvan neem die vergadering die volgende mosie van mnre. Mike Pienaar eenparig aan:

"Die Konvokasie wens sy diepe dank en waardering teenoor die Universiteit te betuig vir die voorgename skepping van 'n satellietkampus op Durbanville en belooft plegtig dat hy alles in sy vermoë sal doen ter verwesenliking van dié groot ideaal."

Onbestrede voorstelle van gelukwensing

Onbestrede voorstelle van gelukwensing aan 'n aantal persone met onderskeidings wat hulle te beurt geval het, word aangeneem, onder andere:

Proff. P. S. du Toit en C. F. G. Gunther ontvang erepenninge van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Opvoedkunde; Adv. Braam Lategan word aangestel as prokureur-generaal van Wes-Kaapland; Prof. H. B. Thom word verkies tot President van die Konvokasie van die U.S. en ontvang die erepenning van die Stigting Jan van Riebeeck; Prof. Mike de Vries word direkteur van die Nasionale Pers; Mnr. P. K. van der Merwe word aangewys as Suid-Afrika se Landbouman van die Jaar vir 1976/1977; Prof. Eben Meiring ontvang die kultuurpenning, die Palmes Académiques, van die Franse regering; Dr. Sandra van der Merwe word die eerste vrou in Suid-Afrika wat die graad D.B.A. verwerf; Brig. Alex Potgieter word bevelvoerder van die Militêre Akademie; Prof. C. H. van Niekerk vereer met 'n medalje op die agste internasionale kongres oor reproduksie en kunsmatige inseminasie in Krakow, Pole; Prof. F. C. Fensham ontvang medelidmaatskap van The British Society of Old Testament Studies; Hertzogprys toegeken aan Wilma Stöckenström (vir Afrikaanse Letterkunde); Havengaprys vir chemie toegeken aan prof. Chris Garbers; Regter Victor Hiemstra aangewys as Kanselier van Unisa; Adv. D. P. de Villiers ontvang eredoktorsgraad in die Regte van die Universiteit van Kaapstad; Die Kaapse Drie-Eeue-Stigting vereer dr. Anton Rupert met 'n spesiale prys; Manuel Escorcio haal die eindronde in 'n internasionale sangfees in Rio de Janeiro; Prof. Willem Kempen vir die derde keer deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer vir sy bydrae tot Afrikaans – die goue Generaal J. B. M. Hertzog-gedenkpenning is aan hom oorhandig; Die Premier, dr. B. J. Vorster, ontvang die eerste erepenning van Dagbreek as dié koshuis se beroemdste oud-inwoner; Mnr. Ritzena de la Bat aangestel as adjunk-hoofbestuurder van die K.W.V.; Prof. C. G. W. Schumann se naam word gegee aan die nuwe gebou vir Handel en Administrasie.

Oud-Maties wat hoogleraars geword het aan die Universiteit:

B. C. Lategan (Bybelkunde), J. J. Cruywagen (Anorganiese Chemie), D. J. van Zyl (Geskiedenis), M. M. Loubser (Publiekreg), G. F. Lubbe (Privaatreg), A. van Laar (Boskunde), C. G. de Vries (Filosofie van die Opvoeding en die Onderwys), J. van Z. Smit (Rekeningkunde), I. J. Lambrechts (Bedryfseksonomie), G. van W. Kruger (Grieks) en J. Cawood (Didaktiek).

Prof. F. R. Tomlinson en mnre. Gerald Browne het ereprofessorate aanvaar in onderskeidelik die departemente Landbou-ekonomie en Ekonomie van die Universiteit. Prof. S. J. Pretorius, ds. W. A. Landman en mnre. Kobus Loubser ontvang eregrade van die Universiteit. Mev. Rhona Rupert ontvang die C. P. Hoogenhoutprys.

Sportprestasies

Morné du Plessis (kaptein), Dawie Snyman (onder-kaptein) en Piet Veldsman speel teen die Wêreldrugbyspan. (Die Konvokasie het ook kennis daarvan geneem dat die volgende studente Springbokkeure verwerf het: Gregg Carswell (swem); Robbie Blair (rugby); Danie Goosen, Clive Dale, Willie Loots en Heidi de Kock (atletiek).

Die vergadering verdaag.

DIE LES VAN DIE LIED

Ds. C. P. van der Merwe (emeritus leraar), Stoffbergstraat 19, Warmbad, Transvaal:

Dit sal die einde van vanjaar presies 50 jaar wees dat ek van Stellenbosch af weg is, en ek neem die vrymoedigheid om een en ander in herinnering te roep.

Prof. J. C. G. (Kolie) Kotzé was 'n klasmaat in die Kweekskool en prof. Jac. Muller een jaar na my. Prof. Tobie Hanekom het in die twintigerjare as leerling op Keimoes by my eggenote (toe nog mej. Leibbrandt) sekere klasse geloop. By prof. J. J. Smith (Afr. Woordeboek) het ek klasse geloop, by prof. S. F. N. Gie geskiedenis, by dr. Wilcocks sielkunde en so meer. Dr. Verwoerd en sy broer se kamer in Dagbreek was net regoor die van my kamermaat en myne.

Toe ek afrigter was van die Universiteit se dameshokkie-span was onder andere in my eerste span Anna Neethling-Pohl, Anna Rothman (M.E.R. digter), en Winnie Perles (later mev. prof. Schumann). Ek was ook kaptein van die manshokkieklub en het ook vir Westelike Provinsie gespeel, maar geweier om op 'n Sondag teen Rhodesië op die veld te gaan.

In my junior jaar was P. C. Malan sekretaris van die Studenteraad, later getroud met Roda Krige, dogter van "Oom Japie Home". Hulle woon nou in Rusoord Tehuis hier op Warmbad en is albei goed in die tagtig, maar nog fluks lewendig.

Van die Intervarsities, waatlemoenfeeste, debatsverenigings, nagtelike serenades, pieknieks (nooit sonder 'n man en dame chaperone nie) ens. kan boekdele geskryf word.

Ook in daardie tyd het U.S. sy duisendtal studente bereik en 'n foto van al die studente en doserende personeel is geneem op 'n spesiale geboude houtstellasie teen die Ou Hoofgebou.

Ek sluit ook 'n studentelied in (daar was dosyne) wat nog uit die ou Victoria-Kollege dae dateer:

VASGELOOP (studentelied op die wyse van "Riding down from Bangor")

*Hy kom van die Kollege
Dis vakansietyd,
En hy gaan nou huistoe;
Soe! hy is verblyd.
Hy is nou 'n grootman,
Want hy is student,
En hy dra die kleure
Overal bekend.*

*Hy gaan Onderveld toe
Met die tienuur trein,
Same met 'n oubaas*

*Suurder as asyn.
By die Pêrel stasie –
– Net so na sy sin –
Klim daar nog 'n meisie
Haastig by hul in.*

*Hy wil vir die dame
Sy geleerdheid wys,
Praat van Griekse skrywers,
Noem 'n hele lys,
Kyk toe na die oubaas,
Of hy op hom let.
Die het lank 'n plan al
Om hom vas te set.*

*"Jy praat," sê die oubaas,
"Alles deurmekaar,
Om na jou te luister
Maak my sommer naar!
Ha! Ha! Griekse digters
Skryf niks as Latyn;
Caesar was 'n Griek, en
Homer 'n Romein!"*

*"Wat weet jy dan hiervan?"
Vra ons maat brutaal.
"By jou eie sake
Moet jy jou bepaal!"
"Wel, dis wat ek doen, vriend,
Elke liewe dag;
Ek's klassiek professor,
Daarom moes ek lag!"*

*Arrie! maar ons maat word
Rooi soos 'n kalkoen.
En die meisie skater –
Kyk! wat voel hy groen!
By die eerste stasie
Vlieg hy uit die trein,
Soek 'n ander sitplek;
Hy het glad verdwyn!*

Die les van die lied is:

*Loop met jou geleerdheid
Nimmer tog te koop,
Want so baie het hul
Daarmee vasgeloop.
Leë vate, weet ons,
maak 'n groot geraas;
Leer tog van die knapie
En wees nie so dwaas.*

U SKRYF AAN....

Die Redakteur
MATIELAND
Dept. Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

'n Klein valetjie...

Dr. P. J. Loots, De Jonghstraat 3, Strand:

Na 1934 se Intervarsity het ek gevoel dat daar darem so 'n doodsheid op Stellenbosch is wat sang betref. Ek het toe probeer om 'n Serenadekoor uit ou manne saam te stel want ek was toe 'n vierdejaar Kweekskoolstudent maar die ou manne wou glad nie aan soiets byt nie. Behalwe in die geval van drie tweedejaars, moes ek my maar na die eerstejaars wend.

Gelukkig was daar onder hulle 'n klein valetjie, Phillippe McLachlan, wat klavier kon speel en Bertie Lombard wat viool kon speel...

So was U.S. aan die begin van eeu

Mnr. H. L. N. Conradie, Najaarsrus, Parys:

In die begin van 1910 het ek, saam met M. P. Louw, wat belooft het my onder sy vleuels te neem, op Du Toitstasie afgeklim en met die landou dorp toe gery. Stellenbosch was anders as ek my voorgestel het, nouer strate veral. Maar ek het baie lief geword vir die Eikestad met sy heerlike klimaat. Die winter met sy aanhoudende reëns was nog afwesig, en vir my was dit nie so 'n vervelige besigheid soos vir die Ondervelders nie, want ek kom van Ceres wat nie minder reën gekry het nie en baie kouer was in die winter.

By die opening dié aand het ek my verwonder aan die getogade studente, al het ek self 'n tweedehandse toga aangehad, wat ek al die jare daar gedra het. Maar reken 300 "swartes" in die saal en moenie praat van die professore wat daar op die verhoog op marseer nie. Hulle togas was mos baie deftiger. Dit het nie lank geduur of ons het mekaar almal geken al het ons nie elkeen bygeloopt en gesê "hoe voer neef die van" nie. Maar die intieme studentelewe het baie daartoe bygedra dat ons Maties genoem was. Ek wens ek kan van almal vertel wat ek daar geken het. Ek wil net 'n paar uitstaande gewaarwordinge ophaal, naamlik: Die Kollege Resepsie wat kort na die aanvang plaasgevind het en waarheen elke student 'n maat kon saambring. Die dames wat nie "geskiet" was nie, kon skrikkeljaar speel. En dan hoe trots het jy nie gevoel nie, as jy jou keuse aan jou sy het en jy staan saam met die skaar op en sing uit volle bors: "There's no College in the land".

Ek onthou veral een nooientjie wat ek na die resepsie genooi het. Sy het van naby Wolseley gekom en my hart

Seker maar omdat hulle nie 'n ou man wat kamtag ook Matie-dirigent was, wou teleurstel nie, het 'n paar in die twintig van die eerstejaars ingewillig om saam met ons vier ouere manne die eerste serenade of koshuiskoor op Stellenbosch, "die Troebadoers", te stig. En toe het ons na deeglike oefeninge begin sing. Ons spesialiteit was 'n potpourri van Afrikaanse liedjies waaromtrent ek op 'n Duitse boot inspirasie gekry het.

Dit het vrolik gegaan en dit het later ook die hoofgereg van lang Dawid D. P. de Villiers se Jan Pierewiet Geselskap geword. Die volgende jaar is ek weg en toe het die Troebadoers onder Jannie Swartz en Phillippe-hulle die "Kraaie" geword.

Later het ook die ander koshuise begin sing en toe kom Riël Cillié terug uit Engeland en hy bring met geesdrif die kore bymekaar en siedaar!! die Sangfeeste tot vandag toe.

Die jaar 1934 was "die dag van kleine dinge" waarvan die Bybel spreek, maar daaruit is die Sangfees en Kweekskoolkoor en Jan Pierewiet-geselskap en miskien ook die beroemde Universiteitskoor gebore.

As ek daaraan dink met hoeveel traagheid en selfs af-sydigheid studente daardie tyd teenoor sang gestaan het, dan is ek daarvan oortuig dat as dit nie was vir daardie geringe begin nie, dan sou daar miskien glad nie later soiets soos 'n Sangfees tot stand gekom het nie.

het sleg gevoel toe ek haar weer by Du Toitstasie moes gaan afsien.

Met die druiwe- en waatlemoenfeeste elke jaar, het die drie Debatsverenigings: Die Kollege, Die Unie en die Paul Rocsskool hulle feeste gehou. (Die Unie het vergader in die Polumniagebou net voor die Kweekskool.) Elkeen het 'n wa gehad met 'n orkes daarop wat eers deur die strate en voor meisiekoshuise verby ry en dan teen die aand vertrek; die Kollege na Libertas en ons, Die Unie, na mnr. Krige se plaas aan die spoor naby Pappegaisberg.

'n Paar verrigtinge het eers plaasgevind en dan kom die mandjies vol heerlike druiwe wat verslind word. Met pouse het ons rondgelopen en toe gebeur dit mos dat ek my laat omhaal om heerlike vars mos te drink by die kelder na die eet van daardie druiwe. Die gevoel wat ek daarna ervaar het, gun ek nie vir my grootste vyand nie. Ek dag dis my laaste uur. Ek het dikwels weer mos gedrink, maar gesorg dat die nie na 'n druif-eterij geskied het nie.

Die beste is vir laaste gehou, nl. heerlike waatlemoene. Die skille is almal in kort stukkies gebreek en in twee hopies gepak. Die studente is in twee helftes verdeel, elk by 'n hople, en dan het die geveg begin. Ons het mekaar heen en weer gedryf tot die 9-uur trein verby kom. Soms het die trein ook deurgeloopt onder die skille. Maar dit was nou die teken dat ons en die Kollegespan moes terug kom, want daar waar die twee paaie ontmoet, begin die jaery met die waens in Dorpsstraat op. Elke wa het 'n lang tou voor en soveel as kan, trek voor en hulle los mekaar af want die wedloop moes gewen word.

Ek glo dat met die duisende studente tans aan die U.S. sulke pret seker nie meer plaasvind nie, of wat sê ek nou alles?

Aanstellings en bevorderings aan die U.S.

Die Raad van die Universiteit het onlangs verskeie nuwe aanstellings en bevorderings goedgekeur.

Stellenbosch het onder meer ses nuwe hoogleraars, 'n medeprofessor en 'n deeltydse professor bygekry. Daarbenewens is daar ook 'n nuwe direkteur van die Reken-sentrum en 'n deeltydse direkteur van die nuwe navorsings-instituut, die Instituut vir Polimeerwetenskap, aangestel (lees berig op bl. 28).


Die nuwe hoogleraars is proff. G. de F. (Deon) Retief (oseaaningenieurswese), H. van der Merwe Scholtz en F. A. Ponelis (albei Afrikaans-Nederlands), R. E. Ottermann (musiek), B. J. Smit (radioterapie en onkologie), en dr. J. J. A. van der Walt wat op 1 Januarie aanstaande jaar professor in botanie word.



Prof. Scholtz

en is tans hoof van dié departement. Hy is in 1924 in Utrecht, Nederland, gebore, en het die grade B.A. en M.A. (albei cum laude) onderskeidelik aan die Universiteite van Suid-Afrika en Potchefstroom geslaag. In 1950 het hy met 'n doktorsgraad in die stilistiek aan die Universiteit van Amsterdam gepromoveer, en in dieselfde jaar senior lektor aan die Universiteit van Pretoria geword. Hy het wyle prof. N. P. van Wyk Louw in 1959 aan die Universiteit van Amsterdam opgevolg as hoogleraar in die leerstoel van die Afrikaanse taal, letterkunde, kultuur en geskiedenis. Na 'n verblyf van vier jaar, is hy as medeprofessor aan die U.P. in Nederlandse, Afrikaanse en Germaanse taalkunde aangestel. Hy was reeds vir talle publikasies verantwoordelik, en is onder meer voorsitter (en raadslid vanaf 1966) van die Letterkunde Komitee van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, en lid van die Publikasieraad (1963-1977).


Prof. Ponelis, 35, is van 1 Januarie 1979 hoogleraar in Afrikaanse en Nederlandse taalwetenskap in die plek van prof. Meyer de Villiers wat einde vanjaar aftree.



Prof. Ponelis

Prof. Ponelis het die grade B.A. en Hons.-B.A. (albei cum laude) aan die P.U. vir C.H.O. geslaag. Hy het ook twee M.A.-grade, een aan Unisa en die ander aan die Universiteit van Port Elizabeth, met hoogste lof geslaag. Sy doktorsgraad het hy in 1968 aan Unisa verwerf. Voordat hy in Desember 1964 in die departement Afrikaans-Nederlands aan Unisa aangestel is, was prof. Ponelis 'n ruklank nuusman by die S.A.U.K.

PROF. Retief, 37, (voorheen die senior navorsingsingenieur van Viskor) sal aan die hoof staan van die U.S. se belangrike nuwe projek in oseaaningenieurswese waarvoor daar nasionale en internasionale belangstelling heers. Die opwekking van energie uit die see is 'n onderwerp wat verband hou met oseaaningenieurswese en dit geniet tans groot voorrang in talle oorsese lande.



Prof. Retief

Die projek, wat in die fakulteit Ingenieurswese aangepak word, het reeds nie net van vooraanstaande plaaslike ondernemings geldelike steun ontvang nie, maar ook van bronne buite Suid-Afrika. Indien daar met dié projek daarin geslaag kan word om krag op lonende wyse uit golfbeweging te benut, sal dit 'n wêrelddeurbraak wees, veral in die lig van die verwagte energiekrisis oor sowat 15 tot 20 jaar weens uitgeputte steenkoolreserwes.

Navorsing sal onder meer ook gedoen word oor die hantering van sediment langs die kus, boorondernemings ter see, bewaring langs die kus en die gebruik van skeertuie vir kusvervoer. (Lees berig op bl. 3.)

Prof. Scholtz, 53, is van 1 Januarie aanstaande jaar hoogleraar in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde. Hy vul die vakature wat ontstaan wanneer prof. W. E. G. Louw einde vanjaar as hoogleraar in Nederlandse letterkunde aftree.

Prof. Scholtz is sedert Januarie 1966 hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad

Hy is sedert Oktober 1969 hoogleraar in linguistiek aan Unisa en departementshoof sedert Januarie 1971. Prof. Ponelis het reeds verskeie publikasies die lig laat sien, hy is assessorlid van die S.A. Akademie en lid van verskeie komitees, onder meer van die Linguistic Society of America.

Prof. Ottermann, 41, het die grade B.A., B.Mus., M.Mus en D.Phil. op Stellenbosch verwerf. Hy het B.A. en B.Mus. met hoogste lof geslaag. Prof. Ottermann is bekend as een van die begaafde en mees suksesvolle musici wat die departement Musiek aan die U.S. opgelewer het. Wye musiekwetenskaplike navorsing vind op die oomblik onder sy leiding plaas. Hy het onder meer in Frankfurt aan die Staatliche Hochschule für Musik en in Berlyn aan die Technische Universität studeer. Hy is sedert 1 Augustus 1961 aan die Konservatorium verbonde. Presies tien jaar nadat hy as lektor in musiek (orrel) aangestel is, het hy senior lektor geword. Sy aanstelling as hoogleraar geld van 1 April vanjaar.

Prof.
Ottermann



Prof. Smit, 41, het aan die Universiteite van Pretoria en Kaapstad gestudeer waar hy onderskeidelik die grade M.B.Ch.B. en M.Med. verwerf het.



Prof. Smit

Hy het wye ervaring agter die rug—onder meer as kliniese assistent in patalogie (meer as twee jaar), algemene praktisyn (van 1964 tot 1971) en kliniese assistent in radioterapie (van 1972 tot 1975). Die afgelope drie jaar is hy senior spesialis in diens van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie. Hy is ook komiteelid van die S.A. Vereniging van Radioterapeute en van die Nasionale Borskankergroep van die Nasionale Kankervereniging. Sy aanstelling geld van 1 Mei vanjaar.

Dr. J. A. J. van der Walt, 39, tans senior lektor in botanie, word op 1 Januarie aanstaande jaar professor in die plek van prof. P. G. Jordaan wat einde vanjaar aftree.

Dr. Van der Walt het die grade B.Sc., M.Sc., B.Ed. en D.Sc. aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy was vyf jaar onderwyser en het in 1968 lektor in plantkunde aan die Universiteit van Zoeloeland geword. In 1969 is hy aan die U.S. as lektor aangestel, en sedert April 1973 is hy senior lektor. Dr. Van der Walt het reeds nege voordragte gelewer op nasionale en internasionale kongresse en teen druktyd van hierdie uitgawe was hy ook op uitnodiging oorsee. Dertien vakkundige artikels en een boek het al uit sy pen verskyn. In 1974 het hy na-doktorale navorsing in Nederland gedoen. Hy is onder meer assessorlid van die Akademie en raadslid van die S.A. Genootskap van Plantkundiges.



Dr.
v. d. Walt

Die nuwe medeprofessor is die 36-jarige prof. P. P. van Jaarsveld wat benewens die graad B.Sc. ook twee Hons.-B.Sc.-grade, 'n M.Sc. en 'n Ph.D. op Stellenbosch verwerf het. Hy het sy meestersgraad en een van die honneursgrade cum laude geslaag. Hy is vroeër vanjaar bevorder tot medeprofessor in farmakologie nadat hy sedert Desember 1966 dosent in dié vak was. Hy het van Julie 1971 tot Januarie 1973 in die V.S.A. navorsing gedoen. In dié tydperk het drie van 'n aantal hoogstaande publikasies waarvoor hy verantwoordelik was in die gesaghebbende "Journal of Biological Chemistry" verskyn. Prof. Van Jaarsveld is ook lid van verskeie verenigings.

Prof.
van Jaarsveld



Die U.S. se nuwe deeltidse professor (interne geneeskunde) is prof. J. E. Rossouw, 35, tans direkteur van die Mediese Navorsingsraad se Nasionale Navorsingsinstituut vir Voedingsiektes.



**Prof.
Rossouw**

Hy het in 1966 as geneesheer aan die Universiteit van Kaapstad gekwalifiseer, en verlede jaar die graad M.D. op Stellenbosch behaal. In 1975 het hy navorsing in dr. R. Williams se leweraanheid in die Kings College Hospitaal in Londen gedoen. Hy werk al vier jaar aan die metabolisme van cholesterol in die lewer en wil sy toekomstige navorsing toespits op die rede waarom pasiënte met lewerkwale in hulle vitamien-metabolisme verskil.


Aanstellings, bevorderings



**Mnr.
Lubbe**

Dr. Ronald D. Sanderson, 35, is aangestel as die eerste deeltydse direkteur van die pasgestigte Instituut vir Polimeerwetenskap. Die Instituut beplan om 'n omvattende diens aan die polimeerbedryf en polimeergebruikers te lewer. (Lees berig op bl. 28.)

Dr. Sanderson het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer, en het sy doktorsgraad (Ph.D.) in 1969 aan die beroemde Instituut vir Polimeerwetenskap aan die Universiteit van Akron in Amerika verwerf. Hy was 2½ jaar by Akron. In Oktober 1970 is hy aangestel as senior lektor in chemie aan die U.S. Hy is goed op hoogte van die jongste ontwikkelinge wat betref die polimeerchemie en het ook die afgelope twee jaar by twee geleenthede oorsese reise onderneem waartydens hy noue bande met wetenskaplikes en organisasies oorsee gesmee het.



**Dr.
Sanderson**

Die nuwe direkteur van die U.S. se Rekensentrum is mnr. N. J. A. Lubbe, 39, wat sedert Januarie 1972 hoof was van die Universiteit se afdeling Dataverwerking. Hy volg dr. J. G. Möhr op.

Mnr. Lubbe het aan die Universiteit van Natal en aan Unisa gestudeer. Hy was jare in die private sektor waar hy wye ondervinding as programmeerder en stelselontleder opgedoen het. Hy was junior lektor en lektor aan die Rhodes Universiteit en het ook bykans twee jaar in die Rekensentrum aan Unisa gewerk. In 1971 het hy dosent in Rekenaarwetenskap op Stellenbosch geword.

Die Raad het ook die aanstellings van verskeie senior lektore goedgekeur. Hulle is: mnr. L. Crouse (rekeningkunde), mnr. A. Archer (besigheidsbestuur en -administrasie), mnr. P. G. Human (didaktiek), dr. H. B. B. Heyns (chemie), dr. P. L. Kemp (tandheelkundige prostetiek), mnr. A. van Rooyen (publieke administrasie en staatsleer), dr. J. P. J. Olivier (Semitiese tale), dr. H. P. Steyn (volkekunde), dr. L. R. le Riche (wiskunde), mnr. G. R. Marwick (meganiese ingenieurswese), mnr. M. Sinclair (toegepaste wiskunde), dr. S. G. M. Ridge (Engels), mnr. C. V. R. Honey (beeldende kunste), mnr. J. J. van Wyk (opvoedkundige sielkunde), dr. J. S. Bergh (geskiedenis), mnr. R. J. Rossouw (mondbiologie), mnr. M. W. Heyns (Engels), mnr. P. R. de Wet (onderwysadministrasie en vergelykende opvoedkunde) en drr. J. C. Lombaard en N. J. A. Rust (albei fisika).

Nuwe lektore is: mnr. F. J. van der Merwe (didaktiek), mev. H. C. Pieters (sielkunde), mnr. R. Goodman (Engels), mnr. J. J. Loots (ekonomie), mev. A. Esterhuyse en mnr. S. Kendal (albei wiskunde), en dr. J. T. Nel wat aangestel is as lektor/kliniese assistent in anatomie.

Mnr. E. J. Herbert (liggaamlike opvoedkunde), mev. A. E. Clark (arbeidsterapie), mej. S. Thiel (meganiese ingenieurswese), mnr. H. Nell (bedryfseksonomie), mnr. J. A. Stander (fisika), mnr. P. P. van Jaarsveld (sielkunde) en mev. A. C. du Preez (röntgenologie) is almal as junior lektore aangestel.

Die Raad het ook die aanstelling van mnr. C. J. (Neels) Britz, 38, as senior administratiewe beampte in die afdeling Taaldiens, Publikasies en Indiensopleiding goedgekeur. Voortaan sal dit een van mnr. Britz se hooftake wees om die jaarlikse Herfsskool aan die U.S. te reël.

Mnr. Britz het die graad B.A. en die S.O.D. op Stellenbosch verwerf. Hy was elf jaar onderwyser in Natal en het op 1 April 1975 diens by die U.S. aanvaar in die afdeling Kursusse.

● **Studente wat die graad B.Comm. aan die U.S. wil verwerf, kan nou ook 'n kursus met studie in die landbou-ekonomiese rigting insluit. Die kursus resorteer onder die fakulteit Handel en Administrasie en word van die begin van aanstaande jaar af aangebied. Daar is besluit om dié kursus ook vir die graad B.Comm. aan te bied, na herhaalde vertoë van die kant van die georganiseerde landbou.**

Presies vyftig jaar na hy as derdejaarstudent aan die Universiteit van Stellenbosch besluit het om landbou-ekonomie as vakrigting te kies, het die bekende prof. F. R. Tomlinson 'n waardevolle skenking aan dié departement aan sy ou Alma Mater gemaak.

Prof. Tomlinson het in April verskeie waardevolle stukke oor sy navorsing in landbou-ekonomie aan die U.S. geskenk. Daar is onder meer stukke wat hy opgestel het onderwyl hy in Amerika navorsing gedoen het.

Prof. W. E. Kassier, hoof van die departement landbou-ekonomie, het aan Matieland gesê dat dié skenking in die biblioteek van die fakulteit Landbou gehuisves sal word. "Ons het 'n hoekie in die biblioteek afgesonder en alles daar sal bekend staan as die Tomlinsonversameling". Hy het ook gesê dat prof. Tomlinson later nog soortgelyke stukke van sy eie werk en ook werk waarin hy deur die jare 'n aandeel gehad het, aan die Universiteit sal skenk. "Ons stel dié gebaar van hom baie hoog op prys," het prof. Kassier tydens die amptelike oorhandiging gesê.

Prof. Tomlinson het die grade B.Sc. en M.Sc. op Stellenbosch behaal en in daardie jare moes studente in hulle derdejaar besluit watter vakrigting hulle keuse gaan wees. Hy was in 1928 'n derdejaar—vanjaar presies 50 jaar gelede—en het toe besluit om landbou-ekonomie te kies. Sedertdien het hy diep spore getrap, dink maar aan die Tomlinson-

Tomlinson se skenking



Prof. Tomlinson (regs) en prof. Kassier tydens die oorhandiging in laasgenoemde se kantoor aan die U.S.

kommissie waarvan hy voorsitter was.

Die U.S. het prof. Tomlinson vanjaar met 'n ereprofessoraat vereer.

KURSUS OOR REKSTROKIES

DIE eksperimentele spanningsontledingsgeriewe van die departement Meganiese Ingenieurswese het die afgelope paar jaar aansienlik uitgebrei. Baie kundigheid is op hierdie gebied opgebou deur navorsing en toepassing in die praktyk.

Een metode van eksperimentele spanningsontleding wat die afgelope aantal jare baie na vore getree het, is die analise met behulp van sogenaamde rekstrokies. 'n Kursus hieroor word in November op Stellenbosch aangebied. In kort kom die tegniek daarop neer dat 'n weerstanddraad, gewoonlik in die vorm van 'n gefatsoeneerde foelie, op die onderdeel wat ondersoek moet word, geplak word. Sodra die onderdeel belas word, rek die materiaal en die weerstanddraad rek saam met die metaal waarop dit geplak is. Die gepaardgaande weerstandverandering

word gemeet en daaruit kan dan die belasting waaronder die onderdeel verkeer, bereken word.


Bo en behalwe die belangrike rol wat metings met rekstrokies speel, is daar 'n baie belangrike uitvloeisel uit rekstrokiemettegnieke. Dit word onder meer gebruik by die konstruksie van kragomvormers of sogenaamde lasselle wat vandag oral in die nywerheid aangetref word. Dit kom bv. voor in gewone skale in supermarkte tot by sulke groot weeginstallasies as wat in die chemiese nywerheid vir massavermenging aangewend word. Sulke lasselle kan die las baie akkuraat meet. Eenhede wat die las tot binne 0,01% sekuur kan meet, is op die mark beskikbaar. Kapasiteite beskikbaar wissel van ongeveer 0,1% newton tot so hoog as 15 miljoen newton.

Vanweë die baie wye toepassingsveld van rekstrokies het die departement Meganiese Ingenieurswese besluit om in samewerking met die S.A. Instituut van Meganiese Ingenieurs 'n tweedaagse kursus aan te bied wat sal handel oor rekstrokies in die algemeen.

In die kursus, wat hoofsaaklik bedoel is vir ingenieurs, sal onder meer die plak van rekstrokies, toepassingsgebiede daarvan, interpretasie van data verkry, en ander verwante aspekte behandel word. Kursusgangers sal in 'n goed toegeruste laboratorium self kan rekstrokies plak en metings doen onder toesig van dosente van die departement Meganiese Ingenieurswese wat leiding sal verskaf. Voorlopige datums vir die kursus is 28 en 29 November en die koste vir die kursus beloop R105 per kursusganger. 'n Volledige kursusinhoud sal begin November aan alle geregistreerde kursusgangers gestuur word. Voorts sal gratis middagetes en verversings gedurende die kursus verskaf word.

Nadere inligting kan verkry word van: Rekstrokie-kursus, Departement Meganiese Ingenieurswese, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600.

Eugene Marais — prys



Marlene van Niekerk wat deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon is met die Eugene Marais-prys vir haar digbundel, Sprokkelster. (Die prys word jaarliks deur die Akademie toegeken vir 'n vroeë- of debuutbundel van 'n jong skrywer). Die 23-jarige mej. Van Niekerk is tans besig met die graad M.A. in filosofie onder prof. Willie Esterhuyse. Sy het aan die Hoër Meisieskool Bloemhof op Stellenbosch matriek geskryf, en aan U.S. die graad B.A. verwerf met hoofvakke Afrikaans, Engels en Filosofie. In haar honneursjaar het sy ook Frans III kaggedraf. Haar vader en moeder is albei Oud-Maties.

REÛNIES



McDonaldhuis was 'n koshuis wat inderdaad beroemde manne opgelewer het – manne wat hulle merk op verskeie gebiede gelaat het. Van die 155 wat die koshuis van 1918 tot 1931 bewoon het, leef vandag nog 79 – tien is ouer as 80. 'n Twintigtal van hulle het op 28 Maart vanjaar in hulle geliefde Stellenbosch reünie gehou. Voor v.l.n.r. mnre. Mick Morris, Anton Lückhoff, Johan Dreyer, Murray Booysen, H. P. Dekker, prof. H. B. Thom (wat as voorsitter opgetree het), mnre. C. J. Swanepoel (hy het die heildronk op die U.S. ingestel), Gideon Venter, prof. Mike de Vries (vise-reaktor), mnre. Hans Scheffler, Berchtwald Rode en Jan Hofmeyr. Agter v.l.n.r. mnre. A. J. Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling (wat die heildronk op die oud-McDonaldhuisers ingestel het), mnre. J. B. de Clerk, B. Beukmann, prof. Frank Language, dr. J. C. J. van Vuuren, C. R. Venter, mnre. Jack Potgieter, proff. F. R. Tomlinson, Faantjie Pretorius en dr. Phil Weber.



Die dameskoshuis Sonop is vanjaar 40 jaar oud. Om dié groot gebeurtenis te vier, is daar vanjaar van 14 tot 16 April reünie gehou en oud-Sonoppers het van heinde en ver na die Eikestad opgeruk. 'n Interessante program, wat 'n kampus-besigtigingstoer en 'n formele dinee en dans ingesluit het, is vir die dames gereël. Hier verskyn 'n aantal eerstejaars uit die stigtingsjaar 1938. V.l.n.r. mevv. Ina Strasheim van Pretoria, Ina de Villiers en Jan Blommaert (albei van Stellenbosch), Barlo Pauw van Worcester, mej. Elria du Toit (huidige primaria), mevv. Bettie van der Merwe van Middelburg (Kaap) en Marie Murray van Stellenbosch.



Wilgenhof het van 31 Maart tot 2 April vanjaar sy 75-jarige bestaan met 'n groot reünie gevier. Meer as 300 "ou manne" was teenwoordig en daar is grootskeeps fees gevier. Hier is 'n paar van hulle (die jaartal is wanneer hulle in hul eerstejaar was). V.l.n.r. dr. Joeba Joubert (1918) van Swellendam, mnre. Josua Loots (1921) van Pretoria, Allan Saunders (1952) van Oos-Londen, Jack Hattingh (1937) van Riversdal, C. M. Stimie (1929) van Durbanville, Dok Craven (1929) en prof. Piet du Plessis (1929) van Pretoria.

1930 – '40 se Maties saam

Oud-Maties wat tussen die jare 1931–1940 student was, word uitgenooi na 'n eendaagse saamtrek op DONDERDAG, 30 November 1978. Die reëlins word deur mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van Ontwikkeling, getref. Uitnodigings sal in September uitgestuur word aan al die Oud-Maties van hierdie jare oor wie se adresse die departement van Ontwikkeling beskik.

Vanjaar sal die program onder meer besoeke aan die nuwe Konservatorium, die Danie Craven Rugbyhoofkwartier en die Kweekskool insluit.

Die vergadering van die Konvokasie vind Donderdag 30 November in die H. B. Thom-teater plaas.



EER VIR MALHERBE

Dr. J. A. G. Malherbe, senior lektor in elektrotegniese ingenieurswese aan die U.S., is verkies tot senior lid van die Institute of Electrical and Electronics Engineers in Amerika. Dit is dié vereniging se hoogste professionele graad en net sowat 12% van die meer as 180 000 lede kon nog tot dusver die graad haal.



GENEESHEER MAAK ENJINS

"DIE sommer 'n spelery dié," sê 'n Bloemfonteinse Oud-Matie van sy hoogs interessante stokperdjie: miniatuur-skaalmodelle van werklike enjins wat hy uit metaal bou.

Dr Jan-Karel Bosch, wat tans sy nagraadse studies in patologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voortsit, was tot verlede jaar nog 'n mediese praktisyn op Lüderitz in Suidwes. Dit was daar, op skool in die vroeë jare sestig, dat hy dié interessante stokperdjie begin beoefen het.

"Toe ek in standerd nege was het my pa 'n voltooië model van 'n gietyster-stoomenjin uit Brittanje bestel, saam met 'n onvoltooië model van so 'n enjin," vertel dr. Bosch geesdriftig van sy stokperdjie. Sy pa het toe self nie tyd gehad om die onvoltooië enjin net soos die ander een te bou nie, en die jong skoolseun het self die onderdele van die enjin op die draaibank begin uitdraai. Dit was 'n "Sun"-enjin, 'n presiese replika van 'n werklike een. Eers in 1975, meer as tien jaar later, is dié enjin heeltemal voltooi.

Met behulp van 'n apparaat wat hy met sy draaibank gebou het, herlaai hy ook gereeld rewolwerpatrone wat nie meer in die handel verkrygbaar is nie.

Een van die moeilikste enjins wat hy nog gebou het, is die sogenaamde

"elmoog-enjin" wat uit 'n tegniese tydskrif nageboots is. Dr. Bosch het die mate gemetriser, en sommige dele tot vier keer oorgebou voordat hy daarmee tevrede was. Dié modelletjies is baie klein, en die werkende dele (wat om 'n reghoek gebou moes word) vereis die uiterste akkuraatheid.

"Dit is vir my 'n uitdaging om altyd weer te probeer totdat iets wat ek gemaak het so perfek moontlik is", vertel hy.

"Maar dis alles sommer net speletjies. My werk as dokter is eintlik al wat vir my werklik belangrik is", sê dr. Bosch, hoewel hy darem met 'n knipoog erken sy vrou sê hy kon net sowel met 'n draaibank getroud gewees het.

Sy gesin is nietemin baie trots op die "speelgoed wat pa maak"—en op die bekeer wat hy verlede jaar gewen het vir die beste stokperdjie-uitstalling op die Suid-Afrikaanse mediese kongres in Bloemfontein.

En hoekom geniet dié medikus sy stokperdjie soveel? "Omdat dit volkome afleiding is—dit verg 'n honderd persent-konsentrasievermoë", sê hy, en voeg by "dit is so 'n dooederlike materiaal waarmee 'n mens werk. Metaal lieg nie—die oordeel lê uitsluitlik by jouself, en die resultaat is 'n volkome eerlike weergawe van jou vermoëns."

Nuus oor B.T.K.

Op 28 Junie was die B.T.K. presies 50 jaar oud. Om dié geleentheid te vier, het honderde Oud-B.T.K.-ners gedurende die April-vakansie in die Sederberge saamgetrek, word 'n berg-hut in die berge naby Franschhoek binnekort voltooi, gaan die B.T.K.-ners hulle eie koor inskryf vir die jaarlikse studente-Sangfees in Augustus op Stellenbosch, en word 'n spesiale prestige-bundel oor dié unieke studenteorganisasie teen die einde van vanjaar gepubliseer. Lees meer oor dié halfeeu-feesviering in die volgende uitgawe van Matieland, wat in Desember verskyn.



KANSELIER BESOEK W.A.T.

Bo: Die Hoofredakteur van die W.A.T., dr. F. J. Snijman (regs) het voor die oorhandiging saam met die Kanselier en mev. Vorster deur die woordeboekkantoor gestap en hulle meer vertel van die werk wat daar gedoen word. Hy het ook verskeie ou boeke en geskrifte aan hulle gewys.



Bo: Ook dr. en mev. Koornhof het baie belanggestel in die talle interessante boeke wat netjies deur die personeel van die W.A.T. ten toon gestel is.

Die eerste ses dele van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (W.A.T.) is op 15 Mei vanjaar op Stellenbosch aan dr. B. J. Vorster, Suid-Afrika se Premier en Kanselier van die U.S., oorhandig.

Dr. P. G. J. Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, het in die woordeboekkantoor dele I tot VI namens sy departement en die beheerraad van die W.A.T. aan die Eerste Minister oorhandig. Dit het 'n inskripsie in sierletters.

Die ses dele het sedert 1951 verskyn en dek die alfabet van A tot voor die woord "kom". Die vyfde deel het in 1968 verskyn en deel ses (voltooi tot "kolyk", 'n wisselvorm van "koliek") in 1976.

Dr. Koornhof het gesê die beheerraad betuig met dié oorhandiging sy erkentlikheid en waardering vir die betrokkenheid van die staat, veral in geldelike opsig, by hierdie onderneming oor 'n tydperk van 50 jaar. Hy het dr. Vorster as persoon bedank vir sy leiding en beleid waarvolgens Afrikaans as taal gunstig kan ontwikkel en tot sy reg kom.

Dr. Vorster het gesê mens besef hoe ryk Afrikaans is as in ag geneem word hoe lank daar aan hierdie dele gewerk is.


Die redakteur van die W.A.T., dr. F. J. Snijman, het *Matieland* meegedeel dat die hele letter K binne sewe tot agt jaar voltooi sal wees. "Baie materiaal moet nog verwerk word en dit is onmoontlik om te sê uit hoeveel dele die W.A.T. uiteindelik sal bestaan en wanneer dit voltooi sal wees". Dr. Snijman het gesê aanpassings sal moontlik gemaak moet word om die werk te bespoedig.




Regs: Dr. Vorster ontvang dele I tot VI van dr. Piet Koornhof.

SO GEVRA


U het 'n elegante vyfsitplek motor gepra.
Met gemaklike sitplekke.
'n Weelderige, opgestopte
instrumentepaneel. Dieppoolmatte.
En 'n uitmuntende verwamer/
ontwasemer/ventilasiestelsel ...




U het ook 'n
keuse van drie
ratkaste gepra. 'n Seepgladde
outomatiese een. Of vierspoed
met sinchroonskakeling. Of vyf-
spoed met sinchroonskakeling



wat u ekonomiese, fluisterstil rygenot
bied. En u het 'n keuse tussen 'n twee-
deur en vierdeur gepra. Albei met 'n
bagasiebak wat groot genoeg is vir die
hele gesin se
bagasie ...



U het 'n kragtige,
ekonomiese vier-
silinderenjin gepra.



Vol lewe. En baie, baie
betroubaar. Wat meer as 600 km
met 'n vol tenk kan aflê ...

SO GEDAAN COROLLA 1600



ALLES LOOP REG, ALTYD REG



TOYOTA

Elke Sigaret 'n Meesterstuk



Die kundige vaardigheid van die ou meesters en hul strewe
na die beste, leef voort in die vervaardiging van
Rembrandt van Rijn—die wêreld se eerste vollengte-sigaret
met filtermondstuk—die Meesterstuk in Sigarette.

Room van die Oes